

**Kom
in
sy
voorhowe**

deur
Prof. dr. J. P. Jooste.

Inhoud

| | |
|---|-----------|
| Voorwoord van die Skrywer | 3 |
| HOOFSTUK 1: AANBIDDING | 4 |
| Wat is aanbidding? | 4 |
| Die voorwerp van aanbidding | 5 |
| Die subjek van aanbidding | 5 |
| Aanbidding en erediens | 6 |
| HOOFSTUK 2: DIE VORME VAN DIE EREDIENS AS SODANIG | 8 |
| HOOFSTUK 3: DIE VOTUM | 9 |
| Die versameling van die gemeente in die kerkgebou | 9 |
| Die verskyning van die kerkraad | 9 |
| HOOFSTUK 4: DIE SEËNGROET | 12 |
| HOOFSTUK 5: DIE KERKSANG | 14 |
| HOOFSTUK 6: DIE GELOFSBELYDENIS | 16 |
| HOOFSTUK 7: DIE WET VAN DIE HERE | 17 |
| HOOFSTUK 8: DIE SKRIFLESING | 19 |
| HOOFSTUK 9: DIE GEBED | 21 |
| Die gebed vóór die preek | 21 |
| Die gebed ná die preek | 22 |
| HOOFSTUK 10: DIE PREEK | 23 |
| HOOFSTUK 11: PLEGTIGE KERKLIKE HANDELINGE (i) | 25 |
| Die sakramente | 25 |
| Die sakramente as sodanig | 25 |
| Die sakrament van die doop | 26 |
| Die sakrament van die nagmaal | 27 |
| HOOFSTUK 12: PLEGTIGE KERKLIKE HANDELINGE (ii) | 28 |
| Belydenis van die geloof, openbare tughandeling en bevestiging in die ampte | 28 |
| Die soort handeling as sodanig | 28 |
| 1. Belydenis van die geloof | 28 |
| 2. Openbare tughandeling | 29 |
| 3. Bevestiging in die ampte | 30 |
| HOOFSTUK 13: PLEGTIGE KERKLIKE HANDELINGE (iii) | 33 |
| Die Christelike liefdegawes | 33 |
| HOOFSTUK 14: DIE SLOTSEËN | 35 |
| HOOFSTUK 15: HUISWAARTS! | 37 |

Voorwoord van die Skrywer

Die Sinode van ons Kerk het in 1955 op aanbeveling van 'n deputaatskap wat moes rapporteer oor 'n liturgiese orde vir ons eredienste, besluit om iemand aan te wys om 'n boekie te skrywe waarin die sin van die liturgie behandel word, sodat langs daardie weg die belangstelling van die lidmate van ons Kerk opgewek kan word vir die liturgiese vorme by onse eredienste, en sodat hierdie vorme beter verstaan kan word en die sin van die liturgie ook meer tot sy reg kan kom. As gevolg van hierdie opdrag word hiermee nou sodanige werkie aangebied, waarin getrag word om die diepere betekenis van ons aanbiddingsvorme te verduidelik.

Mag dit ook weer 'n middel in Gods hand wees om groter belangstelling vir ons eredienste en gevolglik ook beter kerkbesoek te bewerkstellig, want dan sal die arbeid ryklik beloon wees.

HOOFSTUK 1: AANBIDDING

Wat is aanbidding?

Ons kan hierdie vraag baie kort beantwoord deur te sê dat aanbidding 'n godsdienstige eerbetuiging is. As dus aan iemand of iets godsdienstige eer bewys word, kom dit neer op aanbidding van daardie persoon of saak.

Vir ons doel is dit egter nodig om die begrip *aanbidding* 'n bietjie breër aan te dui. In die woord *aanbid* lê die gedagte van die gebed, maar die bid as aksie van die mens is tog weer iets anders as die van aanbidding. Dit is dan ook beslis verkeerd om die begrip *aanbidding* te beperk tot 'n gebedsaksie, want hoewel die gebed 'n belangrike plek in die aanbidding kan inneem, is laasgenoemde tog 'n veel ruimer begrip.

Aanbidding is dan ook glad nie net beperk tot die godsdienstige lewe van die mens nie, want ons kry 'n vorm van aanbidding wat ons burgerlik kan noem en wat verering genoem word. En dit hoef nie juis 'n godsdienstige karakter te dra nie. So is dit byvoorbeeld moontlik om aan 'n mens eer te bewys, sonder dat dit juis presies neerkom op 'n daad van verafgoding van die mens. Ons vind dit veral in die Ooste, waar dit gepaard gegaan het met so 'n diepe buiging dat die voorhoof die grond geraak het.

Vir ons doel is dit egter noodsaaklik om slegs aandag te skenk aan religieuse aanbidding in die sin van "godsdienstige eer te bewys".

'n Belangrike vraag in hierdie verband is: Wat leer die Heilige Skrif ons aangaande hierdie saak?

In Mattheus 4:10 vind ons 'n woord van die Here Jesus wat baie lig laat val op die saak: "Toe sê Jesus vir hom: Gaan weg, Satan!, want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien".

Met hierdie woorde het die Here Jesus geantwoord op Satan se versoek dat Hy moes neerval en hom aanbid. Satan wou die Here Jesus sover wegtrek dat Hy aan hom godsdienstige eer sou bewys en nie aan God nie.

Sy aanslag het egter misluk, want die Here Jesus het beslis geweier om godsdienstige eer aan hom te bewys.

Ons vind in die Nuwe Testament nog 'n baie sprekende geval wat vir ons die begrip aanbidding nader aandui.

In Handeling 10:26 kom Petrus by Cornelius aan; en toe laasgenoemde voor hom neerbuig, het Petrus hom opgerig met die woorde: „Staan op, ek is self ook maar 'n mens". As Petrus Cornelius hier sou laat begaan het, sou dit besien kon word as 'n toebring van godsdienstige eerbewys aan Petrus: en gedagtig aan die Skrifwoord wat die Here Jesus vroeër aangehaal het, het Petrus gelyk: God alleen kan aanbid word en nie 'n mens nie.

Wat Petrus hier in Handeling 10:26 as mens vermy het, naamlik dat Cornelius hom sou aanbid, word deur die Antichris, die mens van die sonde, volgens 2 Thessalonicense 2:3 en 4, beslis aangemoedig. Ons lees daar: "Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf, die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is". So vind ons in die openbaring van Johannes ook nog die aanbidding van die dier en sy beeld (Openbaring 13:11-18), wat duidelik sien op 'n sataniese religie en wat die Christelike godsdiens moet vervang.

Die Nuwe Testament bied ons dus 'n duidelike beeld van wat ons onder godsdienstige aanbidding moet verstaan. Ons vind dus in die woord *aanbidding*, in godsdienstige sin, 'n paar elemente wat ons nader moet ondersoek, naamlik die wese wat aanbid moet word, en die vorm wat die aanbidding moet aanneem.

Die voorwerp van aanbidding

Uit die voorgaande het dit duidelik geword dat aanbidding beskou moet word as die bring van godsdienstige eer aan God.

Aanbidding sluit dus in 'n wese voor wie die mens met sy hele siel neerbuig. Wie God as goddelike wese nie ken nie, kan Hom tog ook nie waarlik aanbid nie. En van hierdie goddelike wese mag die mens nie sy eie voorstelling daarop nahou nie, maar God moet aanbid word as goddelike wese, soos Hy Hom bekend gemaak het. Hier gaap die kloof tussen Christendom en heidendom. Eersgenoemde bely 'n God wat Hom aan die mens geopenbaar het, en laasgenoemde kniel weer voor 'n god wat hy vir homself uitgedink het.

Met betrekking tot God bely ons op grond van wat Hy in die Heilige Skrif aangaande Homself vir ons geskenk het, die volgende: "Ons glo almal met die hart en bely met die mond dat daar 'n enige en eenvoudige geestelike wese is wat ons God noem: ewig, onbegryplik, onsienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig, volkome wys, regverdig, goed en 'n alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is". Hierdie goddelike wese is die voorwerp van ons aanbidding. Om oor God te skrywe is nie maklik nie, want die woorde van Job 36:26 is vandag nog waar, naamlik: "Kyk, God is groot en onbegryplik vir ons..."

Maar om heeltemal te swyg oor Hom is ook gevaarlik; want allig vat die gedagte dan pos dat Hy so 'n heilige wese is dat ons nooit aan Hom mag dink nie. En as dit waar is, sal die mens gaandeweg nie aan daardie God dink nie maar aan die god wat hy onwillekeurig vir homself uitgedink het.

Van hierdie heilige God wat ons aanbid, mag ons wel nooit aards dink nie, maar tog moet Hy in ons lewe as gelowiges 'n heerlike werklikheid wees. Vir die gelowige moet God lewe. "God lewe waaragtiglik in sy ewige Wesenheid. En dit is met die lewende God wat ons te doen het."

Ons moet God dus ken, anders kan ons aanbidding nie hartgrondig wees nie; en waar aanbidding gedruk gaan deur onbekendheid met die voorwerp van aanbidding, vervlak dit gaandeweg en ontaard in vormgodsdienste en lippetaal. Dit was juis die groot sonde van Israel van ouds dat hulle God aangeroop het met die mond, terwyl die hart verknog was aan aardse gode. As ons dus in ons verering waarlik in opregtheid tot God wil gaan, moet Hy vir ons nie 'n onbekende God wees nie maar 'n vader in en deur onse Here Jesus Christus.

Die subjek van aanbidding

As dit nodig is om God te ken tot wie ons in aanbidding gaan, is dit ewe nodig dat die mens homself moet ken.

Die mens is van nature 'n godsdienstige wese, sodat aanbidding nie vir hom iets vreemds is nie maar 'n behoefte van die siel. Godsdienste is dus 'n werklikheid in die lewe van alle mense. Vir ons doel skenk ons nou hier net aandag aan die gelowige mens wat tot God in aanbidding nader. Aangesien dit nie iets is wat maar 'n gewoontehandeling kan wees nie, maar 'n daad wat die mens met sy hele hart moet doen, is dit nodig dat die gelowige mens homself moet ken.

Die gelowige moet homself ken as *begenadigde*. Daaronder verstaan ons dat in sy lewe 'n daad van God uit genade plaasgevind het. Hierdie genadeweldaad is die versoening wat bewerkstellig is deur die Here Jesus Christus aan die kruis van Golgotha. Hy het die sondeskuld vir die syne gedra, sodat hulle as begenadigdes voor God mag verskyn. Uit hierdie groot weldaad vloei daar vir die gelowige verder voort dat hy 'n *geroepene* is, dit wil sê iemand wat 'n roeping of 'n taak het om op aarde te vervul.

Hy het 'n roeping om *dankbaar* te wees. Hierdie dankbaarheid vir die verlossing wat teenoor God betoon moet word, kan nie afgehandel word deur so nou en dan iets te doen om die gewete te sus nie. Nee, die genadeweldaad van die versoening is so oorweldigend dat alleen 'n hele lewe wat staan in die teken van dankbaarheid, enigsins bewys kan lewer van die dank wat teenoor God gevoel word. Verder het hy 'n roeping

om die genadewerk van God uit te dra en te laat bekend maak aan ander wat daarvan nog gehoor het nie. Dit kan geskied deurdat hy self getuig van die waarhede, maar ook deurdat hy sy plig doen om ander in staat te stel om die evangelie uit te dra.

Die gelowige het verder 'n roeping om teen die mag van die sonde op te tree. Hierdie sondemag moet hy in sy eie boesem bekamp en verder orals rondom hom waar die geleentheid mag voorkom, en sodoende die eer van God verhoog.

As die gelowige homself so ken as begenadigde en geroepene, sal die behoefte om so na aan God se troon te lewe gedurig gevoel word. Dan sal dit moontlik wees om in opregte oorgegewendheid voor God in aanbidding te verskyn en daardeur sy algehele afhanklikheid voor God te erken en te openbaar. So sal sy godsdiens vir hom die dien van 'n ware lewende God wees en nie 'n vorm wat hy van jongs af nakom maar wat 'n ontsielde handeling is nie.

Aanbidding en erediens

Aanbidding is dus 'n daad waardeur die gelowiges bewus tot God nader om in algehele oorgegewenheid aan God eer te bewys. Maar nooit bestaan die mense op aarde nie soos eenlinge, dit wil sê elkeen afsonderlik sonder onderlinge verbinding met mekaar nie. As dit só gewees het, sou die mense soos 'n klomp los klippe naas mekaar gelewe het. Daar is egter onderlinge verbande wat ons gewoonlik sosiale bande noem. Dit geld ook vir die gelowiges. Hulle is wel mense net soos die ander, maar hulle is ook onderling saamgesnoer deur die feit dat almal verenig is met die Here en Meester. Soos in een liggaam baie afsonderlike lede is maar die lede tog onderling saamverbind is in 'n liggaam en ons dit *mens* noem, so is die gelowiges wel as mense elkeen apart van die ander, maar onderling word hulle deur die geloof saamverbind tot 'n groot geheel, wat gewoonlik die mistieke liggaam van Christus genoem word. Van die liggaam is Jesus Christus die verheerlikte Hoof en al die gelowiges die lede van die liggaam, wat deur die geloof onderling aan mekaar verbind word maar tog ook weer verenig is met die Hoof Jesus Christus.

Elke gelowige het dus eintlik 'n tweeledige bestaan: hy bestaan in die eerste plek as afsonderlike mens en moet in daardie hoedanigheid sy geestelike behoeftes bevredig.

Daarom het elke gelowige sy afsonderlike godsdienslike lewe: sy binnekamer waar God aangeroep word, sy ondersoek van die Heilige Skrif en sy bestaan as gelowige mens. Hierdie soort geestelike omgang met God sal ons ook aanbidding kan noem, maar dit dra 'n private karakter, en daarvoor bepaal elkeen sy eie vorme. Naas hierdie private bestaan as gelowige mens is daar nog die sosiale samelewing. En dit hou in dat die gelowiges in groepe kan saamkom en saam met mekaar kan verkeer. Die groepe kan kleiner of groter kringe wees. So is daar byvoorbeeld 'n kleiner kring van gelowiges wat ons huisgesin noem. So 'n huisgesin vorm 'n onderlinge gelowige geheel en kan byvoorbeeld in die huisgodsdien as 'n gelowige groep in aanbidding voor God nader. Ons noem dit huisgodsdien, en die vorme van aanbidding by sulke geleenthede word gewoonlik bepaal deur die hoof van die huisgesin self. Dit is 'n besondere vorm van gemeenskaplike aanbidding, wat ons dan huisgodsdien noem.

Daar kom egter 'n ander vorm van gesamentlike aanbidding voor, en dit is van 'n groep gelowiges of gelowige huisgesinne wat saamkom om te aanbid. So 'n groep van gelowiges of gelowige gesinne behoort meesal aan 'n gemeente, en die byeenkomste vir aanbidding is dan die van die openbare aanbidding van die gemeente. Hierdie soort openbare samekomste van 'n gemeente noem ons *eredienste*. Dit is dus 'n byeenkoms van gelowiges met die doel om gesamentlik in aanbidding tot God te nader. Tevore het dit geblyk dat elke soort byeenkoms vir aanbidding sy eie vorme het, so gevolglik ook hierdie besondere soort; en die vorme van die eredienste is baie noodsaaklik, omdat so 'n openbare erediens 'n byeenkoms van 'n buitengewone aard is.

Hierdie vorme, wat so onontbeerlik is, kan egter nie maar oorgelaat word aan die willekeur van die persone wat by so 'n openbare erediens die leiding moet neem nie, want dit mag nooit ontaard in wanordelikhede nie, veral as ons in gedagte hou die woorde van Paulus in 1 Korintiërs 14:40: "Laat alles welvoeglik en ordelik toegaan".

Wanneer iemand voor 'n koning of vorstelike persone moet verskyn, is daar sekere vorme wat geëerbiedig moet word; en wie trag om die vorme oorboord te werp, ondervind heelwat moeilikheid om sy doel te bereik. As dit dan waar is van die ontmoeting tussen mense onderling hoeveel lê meer is dit nie nodig om by die verskyning voor die almagtige God gebruik te maak van sekere vorme waardeur die ontmoeting met gepaste eerbiedigheid en ordelikheid gepaard kan gaan nie.

Hierdie vorme van aanbidding, wat ons die liturgie noem, is van so groot belang omdat daardeur die allerheiligste verrigtinge van die gelowige, naamlik sy ontmoeting van God, tot openbaring moet kom. As die erediens dan ook waarlik 'n weerspieëling moet wees van die hoë en eerbiedwaardige gevoel vir God wat in die daad van aanbidding tot uiting moet kom, dan moet die gelowige aanbidders vertrouwd wees met die diepe gedagte wat deur elke vorm gedra word. Daarom behandel ons hulle verder afsonderlik.

Om die vorm verder na waarde te skat, is dit ook nodig dat die *erediens* as geestelike werklikheid ten volle deurgrond moet word.

Die erediens het 'n besondere *karakter*. Die heidense godsdiens gaan van die gedagte uit dat die mens sekere dinge moet doen om sy god gunstig teenoor hom te stem. So sal die heiden vir sy god 'n offer bring met die doel om weer iets van sy god te ontvang. Hierdie gedagte van inwerking op God mag nooit by die Christen voorkom nie. Daarom dra sy erediens of daad van aanbidding die gedagte om hom geheel en al te wy aan die diens van die Here. In die lig moet ons ook die offers van die gelowiges besien. Nie as gifte om God gunstig te stem nie maar om daardeur die gesindheid van die hart voor God te openbaar. 'n Dankoffer, byvoorbeeld, moet dan 'n sigbare vorm wees van die diepgevoelde dankbaarheid wat die gelowige teenoor God openbaar.

Die wese van die erediens is dus dat dit 'n samekoms is van God met sy volk. Hierdie feit dui dan ook die groot verskil aan tussen 'n vergadering van gelowiges in erediens en 'n samekoms van dieselfde mense as 'n politieke vergadering. Die doel van 'n erediens is dan ook om gesamentlik God te verheerlik; om deur God geseën te word en om onderlinge stigting te ontvang. 'n Erediens kan dus nie losgedink word van vaste vorme nie; en juis omdat die doel van die erediens so verhewe is, is dit nodig om die ware karakter van die vorme te ken. Daarom is dit nodig om eers stil te staan by die vorme as sodanig en pas daarna die afsonderlike vorme na te gaan.

HOOFSTUK 2: DIE VORME VAN DIE EREDIENS AS SODANIG

Gewoonlik word die vorm waarin iets aangebied word, nie van uitermate groot belang beskou nie, en dit is gewoonlik die inhoud wat die meeste aandag geniet. Tog sal niemand maklik kan beweer dat die vorm geheel en al 'n onverskillige saak is nie, want as die inhoud aangebied word in 'n vorm wat daarby pas, word die waarde beslis daardeur verhoog. Dit geld van vorm en inhoud in die algemeen. Maar ons het nie hier net te doen met die ou vraagstuk van vorm en inhoud nie maar met iets eiesoortigs. Ons het hier te doen met 'n inhoud wat ver bo die gewoon alledaagse uitstyg, want dit raak die ontmoeting van die gelowige mens met sy God, voor wie hy hom in algehele oorgegevenheid in aanbidding neerbuig. Hierdie soort boordse inhoud stel ons inderdaad voor 'n buitengewone vraagstuk, naamlik: Hoe moet daardie heerlike inhoud in 'n gewoon-menslike vorm aangebied word? Dit beteken dus dat ons hier te doen kry met die vorms waarin die mees verhewe handeling van die gelowige mens aangebied moet word. Om die minste te sê is dit dus buitengewoon belangrike vorms wat ons hier kortliks gaan ondersoek. Op 'n paar van die belangrike aspekte van die vorms vestig ons die aandag hier.

In die vasstaande vorme van die openbare erediens lê die eenheid van die kerk weerspieël. Die vorms maak dit moontlik vir 'n hele groep, soms enige honderde afsonderlike gelowiges, om met die grootste gemak die allerheiligste verrigtinge vlot en glad te laat verloop. Meer nog, wat in een afsonderlike gemeente as 'n onderlinge band diens doen, vind ook plaas in alle gemeentes in die land wat gebruik maak van dieselfde vorme van aanbidding, en dit bied vanself 'n ongeëwenaarde saamsnoeringskrag aan daardie aanbiddingsvorme. Hierdie saamsnoeringsmag van die vorme word nog aansienlik verhoog as vir 'n oomblik gedink word dat dieselfde vorme wat vandag gebruik word, jare en jare gelede ook deur die voorgeslagte gebruik is en verder nog dat die gebruik daarvan nie altyd beperk was tot een volk nie maar dat verskillende volke daarvan gebruik gemaak het. Wat 'n geweldige gevoel van saamhorigheid word nie deur hierdie feit bewerkstellig nie? Daarom is die vorms van so 'n buitengewone betekenis en kan die waarde daarvan nie lig oorskakel word nie, veral as ons dink dat geen kerk op aarde ooit geheel en al sonder vorms van een of ander aard kon bestaan net nie.

Daarby moet ons onthou dat hierdie vorms in die lewe van elke gelowige daarop bereken is om uitdrukking te gee aan die allerheiligste handeling wat in sy lewe kan plaasvind; want daardeur het hy voor die almagtige God verskyn om hom in diepe ootmoed in algehele aanbidding te stel.

En sonder gepaste vorms van aanbidding sal so 'n saamtrek van gelowige aanbidders noodgedwonge tot onstigtelikhede moet lei. En waar God 'n God van orde is, pas wanordelikhede tydens die aanroeping van sy heilige Naam tog allermens. Dit bring ons vanself by 'n ewe belangrike aspek van hierdie vorms van aanbidding, naamlik die saamvoeging van die verskillende aanbiddingsvorme in 'n liturgie of 'n vaste orde van handeling.

As 'n gelowige na 'n vreemde erediens gaan, is daar altyd 'n gevoel van onrus dat hy daar iets sal doen wat nie inpas by die gewone gang van sake nie en dus die oorsaak word van 'n steuring in die gewyde atmosfeer. Hierdie gevoel van onrus of onsekerheid werk baie steurend in die gemoed van sodanige gelowige, met die gevolg dat 'n groot deel van die stigting wat hy daar sou kon ontvang het, gemis moet word.

As die liturg of voorganger nie die gewone orde van die erediens volg nie, kom daar die gevoel van onrus by die gemeente op, en dit word 'n bron van ergernis. As die gewone gang van sake egter voortgaan, kan selfs 'n wildvreemde voorganger aanvaar word as die leier van die erediens en tree hy met die nodige stigting op.

So 'n liturgie mag ook nie op 'n onverskillige wyse saamgestel word nie, want die doel van die erediens moet gedurig in die oog gehou word. Om dus die doel na te strewen, moet die vaste orde só ingerig word dat al die handeling saamtrek om die één doel te bereik.

HOOFSTUK 3: DIE VOTUM

Met die votum begin die erediens; maar voordat ons daarvoor praat, word hier net twee sake kortliks aangeroei, naamlik die versameling van die gemeente in die kerkgebou en die verskyning van die kerkraad.

Die versameling van die gemeente in die kerkgebou.

Dit is vanselfsprekend nie 'n deel van die eintlike erediens nie maar tog ook weer nie 'n onverskillige saak nie. Dit is dan ook 'n hele vraagstuk wat die gemeente moet doen voordat die erediens begin. Vroeër toe Bybels nog baie skaars en duur was, was dit gebruiklik om uit die Heilige Skrif voor te lees, sodat die gemeentelede langs dié weg kennis kon verkry van die inhoud van die Skrif. Vandag is dit tog sekerlik nie meer nodig nie, want teen 'n geringe bedraggie kan 'n Bybel aangekoop word. As aan die ander kant weer die gemeente heeltemal aan homself oorgelaat word en dit dan maar 'n tydjie word waarin 'n geselsie onderling gehou word, ontaard dit weer in 'n grootskaalse gebrom en is dit vir baie 'n bron van ergernis. Dit is sekerlik waar dat die kerkgebou nie heilig is in die sin dat jy daarin nie mag praat nie, maar dit is tog 'n geleentheid wat afgesonderd word vir aanbidding, en baie gelowiges wat uit die drukte van die lewe kom, byvoorbeeld 'n huismoeder wat nog 'n hele aantal sakies moes regstel, verkies om daar voor die aanvangs van die erediens 'n paar stil oomblikkies deur te bring. In die meeste gemeentes is dit gebruiklik om die orrel te laat speel vir so 'n vyf minute voordat die verrigtinge begin, en die gedagte is dan om deur middel van die orrelspel die regte atmosfeer te skep vir die gewyde verrigtinge wat weldra 'n aanvang sal neem.

Die verskyning van die kerkraad.

In ons land is dit die algemene gebruik dat die kerkraadslede vooraf in die konsistoriekamer byeen kom en dat die verskyning van die kerkraad net na die derde gelui klaar is, aandui dat die erediens nou gaan begin.

Die verskyning van die kerkraad in 'n prosesie is dus bedoel om die plegtigheid van die geleentheid te verhoog. Maar die versameling van die kerkraad in die konsistorie het ook weer 'n doel, naamlik om as regeerliggaam nog voordat die erediens gaan begin, aandag te skenk aan die nodige. Dit is sekerlik nie bedoel as 'n geselsgeleentheid vir diegene wat mekaar 'n tydjie nie gesien het nie of om grappe te maak nie; maar ook in hulle gemoedere moet die regte stemming heers, en dit kan bewerkstellig word deur 'n kort gebed wat een van die lede uitspreek voordat die kerkraad na binne gaan. Vir die prediker, wat onwillekeurig in spanning verkeer, kan die samesyn van die kerkraad en die gebed aldaar 'n middel tot kalmering wees voordat die groot en gewigtige taak aanvaar word.

Alles is gereed! Die gemeente is in die gebou en die kerkraad het sy verskyning gemaak, dus kan die verrigtinge 'n aanvang neem, en dit geskied deur die plegtige uitspraak van die *votum*, wat in ons Kerk meesal lui: "Ons hulp is in die Naam van die Here wat hemel en aarde gemaak het" (Ps. 124:8).

Die erediens word bygewoon deur 'n groot aantal gelowiges; en tot op die moment dat die voorganger die woorde uitgespreek het, was dit 'n byeenkoms van persone, los individue. Só kan dit egter nie voortgaan nie, want die grondgedagte van die erediens is juis dat dit 'n gesamentlike aanbidding moet wees. Die doel van die uitspraak van die woorde is dus om daardeur iets te bewerkstellig wat voor die tyd nog nie bestaan het nie.

Nou is dit 'n algemeen erkende feit dat as iemand by 'n gewone vergadering op die verhoog verskyn en die vergadering 'n aanvang moet neem, dat hy dan met 'n hamer of met 'n klokkie of met 'n paar woorde die teken vir die aanvang gee. Van daardie oomblik af is dit nie meer 'n klomp los individue nie maar 'n groep mense wat saam 'n vergadering uitmaak en wat hulle gewilliglik onder leiding van die voorsitter stel.

Wat nou hier by 'n vergadering gebeur, vind ook op veel hoër vlak plaas by die aanvang van 'n erediens.

Die votum is dan die middel waardeur 'n saamvergaderde groep gelowiges verander word vanuit 'n groep los individue in 'n hegte eenheid van aanbiddele gelowiges. Van daardie oomblik af is daar net een begeerte, naamlik om as 'n groep in ware aanbidding voor God te staan. So 'n saamgevoegde gemeente trag dan om al sy verrigtinge tot eer en verheerliking van God te laat geskied.

Die uitspreek van die votum is dus nie maar 'n gewone formule wat deur die voorganger opgesê kan word asof dit nou maar eenmaal 'n gewoonte is om so iets te sê nie. Nee, dit is 'n buitengewoon belangrike saak, want dit dra so 'n besondere gewig en is die vorm wat aangewend word om die aanvang van die allerheiligste handeling van Godsverering in te lui. Dit moet dus 'n plegtige verklaring wees wat op sodanige wyse uitgespreek word dat sowel die spreker as die hoorders toon dat hulle presies weet van hoe groot gewig daardie woorde is. Die woord *votum* is weliswaar vreemd, maar dit beteken op sigself ook al "toewy"; en in die saak moet dus die volle krag van die toewyding in die diens van die Here na vore kom.

Die persoon wat die woorde uitspreek, is die voorganger van die erediens, ook genoem die liturg. Aan hom is dit deur die kerkraad opgedra om daardie heilige verrigtinge te lei. Dit mag dus nie maar enige persoon wees nie maar 'n ampsdraer wat die nodige magtiging daartoe ontvang het van die kerklike instansies en wat die opdrag van die kerkraad het om by die plaaslike erediens voor te gaan. Die voorganger of liturg beklee 'n uiters belangrike posisie by so 'n erediensgeleentheid. Hy tree naamlik in tweërlei hoedanigheid op. By sekere dele van die erediens tree hy op as instrument waardeur God tot die vergaderde gemeente spreek; maar in ander dele is hy weer die mondstuk van die vergaderde gemeente voor God, byvoorbeeld in die gebed. Daarom moet so 'n voorganger sy posisie ken en waardiglik beklee, anders kan sy wyse van doen 'n groot bron van ergernis wees.

Mag so 'n voorganger nou maar enige woorde gebruik vir die votum? Nee, dit mag nie, want ook die woorde wat so 'n belangrike funksie moet vervul in die lewe van die gelowige aanbidders, moet bekend wees sodat die reaksie daarop spontaan kan wees. As die woorde nou van Sondag tot Sondag wissel, kan die uitwerking nie volwaardig wees nie. Daarom is die formule meesal aan die hoorders bekend.

As ons kortliks aandag skenk aan die formule wat meesal vir hierdie doel gebruik word, moet ons in gedagte hou dat die votum nie bedoel is as 'n gebed nie maar as 'n plegtige verklaring waardeur die vergaderde menigte omgeskep word in 'n eenheidsgroep van aanbidders. Verder moet die karakter van die vergadering daardeur duidelik weerspieël word, sodat dit dus nie 'n onverskillige saak is watter formule vir daardie doel gebruik word nie.

Dus net soos 'n gewone vergadering met 'n heel eenvoudige verklaring, byvoorbeeld: "Ek open hierdie vergadering", kan geskied, so moet die verhewe karakter van die byeenkoms van die gelowiges weerspieël word deur die plegtige verklaring van die liturg: "Ons hulp is in die Naam van die Here wat hemel en aarde gemaak het".

Oor die vraag of dit noodsaaklik 'n vasgestelde formule moet wees en of dit vrygelaat kan word aan die voorgangers, is in die loop van die tyd heelwat verskil geopenbaar. Ons Kerk se Sinodes het nog altyd volstaan met die aanduiding waar die votum uitgespreek moet word en nie 'n formule voorgeskrywe nie. Tog word in die praktyk meesal gebruik gemaak van die aangehaalde woorde.

Hierdie woorde is dan ook by uitnemendheid geskik vir sodanige doel. En om dit te verstaan moet hierdie woorde nooit losgedink word van die voorafgaande verse van Psalm 124 nie. Daarin word immers duidelik gesê in hoe groot gevaar die gemeente van God verkeer het en aangedui hoe God sy volk uit daardie gevaar verlos het, sodat die volk as 'n verlose en vrygemaakte volk kan saamkom om God te loof en te prys. En as dan in die laaste vers gesê word: "Ons hulp is in die Naam van die Here wat hemel en aarde gemaak het", is dit nie maar net woorde nie maar woorde wat 'n besondere inhoud moet dra. In die woorde *Ons hulp* lê al dadelik die erkenning van magteloosheid as gevolg van die sondestaat en daarom die noodsaaklikheid van verlossing daaruit deur 'n mag wat buitekant die beheer van die mens self staan.

Daardie hulpbron word dan nader aangedui met die woorde: **Naam van die Here.**

Die Naam van die Here is die uitdrukking van sy goddelike wese en daarom dus 'n aanduiding van God self.

Uit die inhoud van die Psalm blyk dit duidelik dat die verlossing van die volk alleen moontlik was omdat die almagtige God self die uitredder was. Dit is vandag nog die erkenning van die gelowiges dat as God self nie uitredding bewerkstellig het deur sy Seun te stuur nie, daar nooit sprake van verlossing sou gewees het nie. Met die woorde *Naam van die Here* word hierdie hulpbron dus baie duidelik aangekondig. Dit hou ook verder in dat die gelowiges sonder die hulp en bystand van God nooit tot waaragtige aanbidding sal kom nie.

In die formule kom nog die woorde *wat hemel en aarde gemaak het* voor. En dit is goed dat die woorde daarby uitgespreek word, want daarin lê die volgende gedagtes opgesluit:

1. 'n Erkenning dat die gewone lewensgebeurtenisse nie los is van die hemel nie maar ook onder die genadige beskikking van God val;
2. 'n geestelike band tussen die gelowiges op aarde en die verlostes, wat reeds in die hemel triomfeer;
3. dat God almagtig is en dat niks aan sy almag onttrek is nie maar dat dit hemel en aarde omspan, en
4. dat die vermelding van hemel en aarde 'n waarborg bied dat daar nie 'n skeiding gemaak kan word asof God net met die hemel te doen het en die aarde en die aardse dinge maar aan hulself oorgelaat word nie. Hierdie soort skeiding kan die gelowiges nie aanvaar nie, want die Here Jesus het self gesê: "Aan my is gegee alle mag in hemel en op aarde".

Die inhoud van die votum is dus verhewe en heeltemal toereikend om die ware karakter van die erediens te weerspieël.

HOOFSTUK 4: DIE SEËNGROET

Op die votum volg die seëngroet in wese eintlik as die antwoord op die votum. As die voorganger die votum uitspreek, staan hy as mondstuk van die vergaderde gemeente voor God; maar as hy die seën uitspreek, tree hy weer op as mondstuk van God om die seëngroet op die gemeente te lê.

As dus die karakter van die byeenkoms weerspieël word deur die woorde van die votum, dan moet die seëngroet 'n bekragtiging daarvan wees in die Naam van God.

Ons moet hier die aandag vestig op die feit dat daar volgens ons liturgiese reëling tweërlei geleentheid is wanneer die seën uitgespreek word. Hierdie tweërlei seëngeleentheid moet nie met mekaar verwar word nie. Aan die begin word die seën deur die liturg uitgespreek as 'n verklaring van God dat Hy in die midde van die gemeente verkeer om dit met sy genade en vrede te seën. Aan die einde word die seën oor die gemeente uitgespreek net voor die gelowiges elkeen na sy eie woning vertrek, en die doel van daardie seën is die toesegging van God se genade en trou wanneer die gelowiges terugkeer na die lewe met sy stryd en worsteling. In die loop van die tyd het daar wel stemme opgegaan teen die gebruik van die groetseën net na die votum; en die belangrikste beswaar wat daarteen ingebring is, kom daarop neer dat die wisseling van rolle waarin die liturg moet optree, te snel is. As hy die votum uitspreek, doen hy dit namens die gemeente; maar as hy onmiddellik daarna die seën uitspreek, geskied dit namens God. Hierdie snelle wisseling, so is gesê, word deur die gemeente nie verstaan nie, met die gevolg dat die werklike betekenis van die seëngroet nie gevat word nie.

Teenoor hierdie bedenking het die gereformeerdes egter vasgehou aan die voorvaderlike gebruik, veral omdat hulle in die optrede van die apostel Paulus so 'n sterk sprekende voorbeeld gehad het, en verder omdat by weglating van die groetseën na die votum daar tog 'n element van onvolledigheid bespeur word. Deur die groetseën verklaar God sy teenwoordigheid by die heilige verrigtinge heel aan die begin.

Die woorde wat vir hierdie groetseën gebruik word, is ook nie 'n onverskillige saak nie. Daarom het die Generale Sinode van ons Kerk by die daarstelling van riglyne vir die kerkverband dit nie in die midde gelaat nie maar dit elke keer soos volg nader aangedui: Die groetseën wat voorkom in die begin van die briewe van Paulus of in Openbaring 1:4 en 5. Die woorde wat die Apostel vir hierdie doel gebruik het en wat voorkom in al sy briewe is: "Genade vir julle en vrede van God onse Vader en die Here Jesus Christus".

Hierdie woorde van die Apostel wek die indruk dat dit die Heilige Gees heeltemal ongenoemd laat. En as ons verder in gedagte hou dat die Sinode van 1955 besluit het dat die groetseën sal geskied in die naam van die drie-enige God, lyk dit of die riglyn van die Sinode tekste aandui wat nie aan hierdie vereiste beantwoord nie.

By nadere ondersoek blyk dit egter dat Paulus nie gebruik maak van woorde wat die Heilige Gees opsyskuiwe nie, maar dat hy blykbaar *God, onse Vader*, gebruik om die drie-enige God aan te dui — soos onse Here Jesus Christus dit ook gebruik in die gebed, die "Onse Vader". Daar kom net die woorde *Onse Vader* voor sonder vermelding van God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees, en tog dink niemand daaraan om die gebed te beskou as 'n verontagsaming van die drie-enige God nie. Paulus spreek dus die groet uit: genade vir julle en vrede van *God, onse Vader* — en daarmee bedoel hy God-drie-enig maar voeg nog daarby en die Here Jesus Christus, deur wie die genade en vrede by God verwerf is.

Die groetseën is egter nog nooit in so 'n mate vasgelê dat daar nie ook ander formuleringe voorkom nie en veral die waarin die Heilige Gees ook by name genoem word.

Hierdie groetseën moet ook so kort en kragtig moontlik wees, sodat dit deur die gemeente ter harte geneem kan word. Die inhoud van die groetseën is dan ook van belang: in die formulering wat die apostel Paulus meesal gebruik het, kom veral twee elemente na vore, naamlik *genade* en *vrede*.

Die woord *genade* dui hier op God se genade as bron van alle waaragtige lewe en die woord *vrede* dui weer; die groot genadeweldaad wat God skenk, naamlik vrede. Die

Hebreeuse vredegroet: "Vrede vir julle", het dan ook beslis in die Nieu-Testamentiese vredegroet 'n verdieping ondergaan, omdat die Here Jesus die groot Vredebrenger was. (Johannes 14:27). Daardie twee heerlike begrippe word so aan die begin van die erediens deur die voorganger in die Naam van God die gelowiges toegevoeg.

HOOFSTUK 5: DIE KERKSANG

In die liturgie van die Gereformeerde Kerke kom die gemeente as geheel nie dikwels tot aksie nie, maar in die kerksang vind ons nou juis die een wonderlike middel wat God tot beskikking van sy diensvolk gestel het. Die gemeente kan moeilik saam hardop bid, tensy dit 'n goed bekende formuliergebed sou wees, soos dit inderdaad gebruiklik is by sommige eredienste dat die gemeentelede die Onse Vader saam hardop bid. Maar dit is tog maar 'n moeilike saak om te reël. Die een groot uitsondering by so 'n gesamentlike optrede van die gemeente is en bly die sang. Dit kom nie daarop aan hoe groot die getal aanbidders is nie en of hulle kinders, jongmense en ou mense is nie — hulle kan almal saamsing. En dit is hier waar ons die wonderheerlike gawe van God, naamlik *die* toonkuns, kan aanwend om die gemeente in sy geheel te laat sing. Meer as iets anders stel juis die toonkuns ons in staat om die verskillende godsdienstige gemoedstemminge in die fynste nuanseringe uit te druk en daardeur tegelykertyd opwekkend op die gemoedstemminge van ander in te werk.

En verder, hoe kan die gemeente 'n beter middel vind om in sy geheel te antwoord op die groet wat die voorganger in die Naam van God tot die gemeente laat kom het? As God genade en vrede toesê aan sy versamelde gelowige gemeente, dan pas lofsegging tog sekerlik die beste van alles. Daarom het ons Sinodes keer op keer aangedui dat die kerksang met 'n lofpsalm moet begin. En nou is dit juis die buitengewoon mooie van die sang dat die gemeente allerlei gemoedstemminge daardeur kan vertolk. Daardeur kan saam gejubel word voor God; daardeur kan saam getreur word as dit moet; maar dit is ook moontlik om singend te bid; en die inhoud van die kerksange is dan ook dikwels gebede wat saam uitgesing word voor Gods troon.

Die kerksang is dus een van die wonder-heerlike gawes wat ons van God ontvang het. Maar juis daarom is dit so gebiedend noodsaaklik dat dit in die erediens ten volle tot sy reg moet kom. Net so sielsverheffend as die aanhoor van 'n loflied kan wees wat pragtig en opgewek gesing word, net so neerdrukkend kan die uitwerking wees van 'n psalm wat dooierig en sonder lewensgloed afgerammel word. Daarom is dit so noodsaaklik dat die kerklied in ons eredienste tot sy volle reg moet kom.

By die kerksang neem die liturg in ons eredienste ook 'n belangrike plek in, want dit is algemeen gebruiklik dat hy die leiding neem deurdat hy die psalm aankondig en in die meeste gevalle selfs ook nog voorlees. Nou gaan daar in die jongste tyd, veral in Nederland, altyd meer en meer stemme op teen die aankondiging van die kerklied asook teen die voorlees daarvan. In sy boek oor Liturgiek voer Van der Leeuw die pleit vir die gebruik dat geen kerklied aangekondig of voorgelees moet word nie. Hy sê in die kerkgeboue moet op borde aan die mure duidelik sigbaar wees wat gesing moet word, en vir die voorlees van die versie het hy geen goeie woord nie.

Wat die aankondiging van die psalm betref, meen ons tog dat dit, volgens ons opvatting van die taak van die liturg, nodig is dat dit so duidelik en saaklik moontlik moet geskied. Wat betref die voorlees van die woorde wat gesing moet word, is daar sekerlik iets voor te sê dat dit agterweë gelaat kan word. Trouens, 'n mens vra jou af wat nou eintlik die doel is van die voorlees van die verse. Die mense het tog almal die boeke voor hulle oop, en in ons tyd kan klein en groot tog lees. Nou is dit wel waar dat deur die voorlees van die woorde die gemeente onder die indruk daarvan gebring kan word en dat daardeur die sang beter tot sy reg kan kom. Maar hoe dikwels word die versie nou nie deur liturge so slordig en onaantreklik voorgelees dat die wat daarna luister, glad nie onder die indruk daarvan kom nie? Of hoe dikwels word die versies so onnatuurlik voorgedra dat dit meer na 'n resitasie klink as iets anders? Dit is dus moontlik dat die stemme wat opgaan teen die voorlees van die verse, altyd meer kan word en dat die voorlees later in die kerklike lewe mag verdwyn. Maar intussen het ons dit nog; en solank as dit die kerklike gebruik is, moet dit die nodige aandag geniet, sodat liturge met die nodige voorbereiding trag om aan die voorlees van die verse reg te laat geskied.

Die inhoud van die kerksang is ook nie 'n onverskillige saak nie; trouens, woorde wat deur gelowiges gesing word, jaar in en jaar uit, dring later so diep in die geheue in dat hulle onuitwisbaar is. So is dit moontlik om iets wat onskriftuurlik en verkeerd is, in te sing in die lewe van gelowiges; en dit weer kan baie maklik 'n bron word van 'n totaal

verkeerde lewenskyk. Dit was sekerlik een van die redes waarom die Gereformeerde vaders, wat ondervinding gehad het van die soort euwel in die Roomse Kerk, so tot versigtigheid gemaak het by die keuse van wat hulle die gemeentes sou laat sing.

Calvyn, die man wat saam met Luther onvermoeid geywer het om die gelowiges weer te laat sing en veral hom beywer het om die Psalms weer in die eredienste te laat sing, het in sy opvatting oor hierdie saak doelbewus aangesluit by die woorde van Augustinus toe hy beweer het: "Wat Augustinus gesê het, is waar, dat niemand iets kan sing wat God waardig is nie, of moet dit van God ontvang het. Daarom sal ons, ook nadat ons oral gesoek en nagespeur het, geen beter lieder vind nog meer geskik om dit te doen as die Psalms van Dawid, waartoe die Heilige Gees hom geïnspireer het nie. Alleen as ons hulle sing, is ons seker dat God die woorde in ons mond lê asof Hy self in ons gesing het om sy eie glorie te verhoog".

Op hierdie weg het die gereformeerdes van Nederland voortgewandel en dit ook op die Sinode van Dordrecht 1618-'19 in die Kerkorde vasgelê. Hierdie spoor is egter later, in die 19e eeu, verlaat toe die vrye lieder ook ingevoer is in die sogenaamde Evangeliese Gesangbundel. In Suid-Afrika het ons 'n herhaling van die toedrag van sake gekry. Tot aan die begin van die 19e eeu is die weg gevolg wat Calvyn vir die kerksang aangedui het, maar toe is ook hier met die invoering van die Evangeliese Gesangbundel daardie weg verlaat, en pas met die totstandkoming van die Gereformeerde Kerk in 1859 is doelbewus teruggekeer na hierdie weg wat Calvyn aangedui het.

Daarom word vandag nog in die Gereformeerde Kerk by die eredienste oorwegend gebruik gemaak van die Psalms. Die Sinode van ons Kerk het wel in 1939 besluit om die kerksang uit te brei deurdat 'n 50-tal Skrifberymings gereed gemaak moes word vir kerklike keuring. Dit het in 1942 gebeur, toe die Sinode te Aliwal-Noord die bundel Skrifberymings goedgekeur het en dit aan die vryheid van die kerkrade oorgelaat het om hulle in gebruik te neem of nie. Sedertdien het verskeie kerkrade reeds daartoe oorgegaan om die Skrifberymings in gebruik te neem.

Wat die inhoud van ons kerksang dus betref, is dit duidelik dat die Psalmbundels soos berym deur dr. J. D. du Toit gebruik word en in sommige gemeentes daarnaas ook gebruik word die beryming van sekere Skrifgedeeltes ook deur dr. Du Toit. Die kerksang word dus gedek deur die leuse: In Gods huis Gods lied, of om te spreek in die taal van Augustinus aangehaal deur Calvyn: "Niemand kan iets sing wat God waardig is nie, of hy moet dit van God ontvang het".

HOOFSTUK 6: DIE GELOOFSBELYDENIS

Die persone wat saamgekom het om te aanbid, is nou deur die voorgaande verrigtinge saamgesnoer tot 'n eenheid van gelowige aanbidders. Maar die eenheid is nie iets wat sigbaar is nie; dit is iets wat tot openbaring kom as gevolg van iets wat daar in die lewe van elkeen van die afsonderlike gelowiges bestaan. Agter die verskyning van elke gelowige in die kerkgebou behoort daar die onsigbare dryfkrag, naamlik die geloof, te wees. Die geloof, wat 'n werk van Gods genade is, is dus inderdaad die onsigbare band wat die groep individue saamvoeg tot 'n eenheid. Daardie geloof moet ook weer inhoud hê; want dit lê aan die wese van die geloof dat dit betrek moet word op iets wat geglo word. Maar hoewel dit by uitstek die saamsnoerings-middel is, is dit tog ook weer by uitstek 'n saak vir elke afsonderlike gelowige. Daarom word dan ook nie verwag van die voorganger om te sê: "Ons glo ..." nie, maar dit moet wees "Ek glo...". Dit is juis die besondere krag van die liturgiese daad dat elke gelowige wat daar byeen is, dit moet bely. So besien sou dit dus eintlik nodig wees dat die vergaderde gelowiges die geloofsbelydenis self hardop moet uitspreek — 'n soort spreekkoor — maar hoewel dit in sommige kerke gebruiklik is, bly die soort reëlinge 'n maklike bron van verwarring of ontstigting. In elk geval dit is nie in ons kerk gebruiklik dat die geloofsbelydenis saam hardop uitgespreek word nie, en van Sinode-weë is ook geen poging aangewend om dit te bewerkstellig nie.

'n Ander moontlikheid is dat die geloofsbelydenis saamgesing kon word, d.w.s. as die artikels in rymvorm voorhande is. Nou tref dit so dat ons beskik oor 'n voortreflike beryming van die twaalf geloofsartikels, sodat so 'n moontlikheid dus nie vir ons uitgesluit sou wees nie, Inderdaad het op die Sinode gehou in 1955 'n rapport oor die liturgiese orde gedien, en daarin word in verband met die geloofsbelydenis aanbeveel "dat die gemeente die voorlesing van die geloofsbelydenis staande sal aanhoor en daarna sal sing of soms die hele belydenis sal sing in plaas van die voorlesing daarvan" (Acta, bl. 403). Maar die Sinode het hierdie aanbeveling van die deputaatskap insake die sing van die geloofsartikels nie aanvaar nie. Ons kan dus aanneem dat die heersende gedagte is om die geloofsbelydenis aan te hoor en daarna 'n vers te sing.

Die reëling in die Gereformeerde gemeentes sal dus wees dat die liturg as voorganger die geloofsbelydenis lees namens die vergaderde gelowiges en dat hulle dit sittend of staande sal aanhoor. Nou het die Sinode weliswaar aanbeveel dat dit staande aangehoor moet word en dat daarna 'n versie gesing sal word, maar algemene gebruik is dit nog nie. Maar die punt wat hier die meeste beklemtoon moet word, is dat elke afsonderlike gelowige die woorde van die geloofsbelydenis in die hart moet saam sê. As dit nie gebeur nie, kan die liturgiese daad nie ten volle tot sy reg kom nie. Die ware geloofsband kan alleen daar wees as elke gelowige ten volle bewus is van die feit dat die woorde *Ek glo* ook vir hom of vir haar uitgespreek word. En as dit nie die geval is nie, moet die heerlike gedagte van saamgesnoer te wees voor God ook verlore gaan en moet gevolglik die seën wat daaruit voortspruit, gemis word. Die inhoud van die geloof moet uitgespreek word. Maar die inhoud van die geloof is só omvangryk — dink maar net wat staan daar nie alles in die Bybel wat op die *geloof* betrekking het nie. En verder is dit eis dat wat langs daardie weg uitgespreek moet word, kort en bondig geformuleer moet wees, anders kan dit nie vir daardie *doel in die* erediens diens doen nie. Daarom is die Apostoliese Geloofsbelydenis so uitnemend geskik vir die doel. En hoewel dit nie in daardie vorm van die apostels afkomstig is nie, soos die naam mag suggereer, is dit tog vandag vir die oorgrote meerderheid Christene die uitdrukking van hulle geloofswaarhede. Volgens die aanbevole liturgiese orde wat die Sinode van ons Kerk in 1955 goedgekeur het, moet die lees van die geloofsbelydenis voor die *Wet* geskied. Die Kommissie van die Sinode wat die rapport van die deputaatskap oor die liturgiese orde behandel het, het die voorlees van die *Wet* eerste gestel en dan die Belydenis, maar die Sinode het dit nie aanvaar nie en besluit dat die volgorde van die Sinode van 1927 gehandhaaf moet word. Dus eers die Geloofsbelydenis en dan die *Wet*. Dit is 'n ou strydpunt, want talle skrywers oor die Liturgiek stel die *Wet* voorop. Vir albei die reëlinge is daar iets te sê, maar aangesien die Sinode so pertinent gekies het vir bogenoemde volgorde, is dit sekerlik gepas dat dit só in ons gemeentes gehandhaaf sal word.

HOOFSTUK 7: DIE WET VAN DIE HERE

Volgens die orde van ons liturgiese handeling het die gemeente geleentheid gehad om, elkeen afsonderlik, voor God uit te spreek die groot genadeweldaad dat hy of sy 'n gelowige is en as gelowiges ook die groot waarhede wat God geopenbaar het, bely.

Hierna volg dan die geleentheid waarin die gelowiges gaan luister na die wil van God. Op daardie geloofsweg wat belydend bewandel moet word, moet die wil van God elke dag in ons lewe wees, want ooreenkomstig daardie wil moet die gelowige handel.

Die liturg word nou weer middel deur wie God tot die gelowige gemeente gaan spreek. Dit is die voorlesing van die *Wet van God*. Eintlik moet dit ook staande aangehoor word, want watter begenadigde mens kan dan sit as die Almagtige God spreek? So is dit egter meestal nie gereël nie, maar dat die gelowiges stil en aandag sal luister na die woorde van die Tien Gebooie van die Here, en daarna volg die reaksie van die gemeente staande.

Soos gesê, is dit die wil van God, en as almagtige God is Hy sekerlik geregtig daarop dat sy wil bekend sal wees. Daarom mag die Wet nie op die agtergrond gestoot word nie maar moet dit Sondag na Sondag weer onder die aandag van die gelowiges kom.

Wat is nou die oogmerk met die gedurige herhaling van die Wet van die Here? Dit kan ons geredelik as tweeledig aandui, naamlik om die Wet as reël van dankbaarheid in die lewe aan te wend, maar om ook deur die Wet gedurig herinner te word aan ons sondige natuur. Albei die doelstellinge is noodsaaklik, maar die verhouding tussen die twee moet reg gesien word anders kan dit die gesonde lewensvisie van die Nieu-Testamentiese gelowige versteur.

Die dankbaarheid moet voorop gaan. Die roeping van die Nieu-Testamentiese gelowige is om 'n lewe te lei waarvan dankbaarheid die grondtoon moet wees. Die groot genadewerk wat God laat bewerkstellig het, naamlik om deur Christus se dood versoening van die sonde van sy uitverkore volk te doen voor die troon van God moet ons tot dankbaarheid stem. Maar die genadedaad sluit ook nog in dat Hy ons daarin opgeneem het sonder enige verdienste van ons kant. Vir hierdie groot genadeweldaad kan die verlore nie met 'n gewone goeie werk sy dankbaarheid openbaar nie; nee, dit is te groot en oorweldigend, daarom moet ons geleer word hoe om dit te doen. En in daardie bekendmaking van die middel tot dankbaarheid word beslag gelê op die hele lewe van die verlore. Met woord en daad moet die dankbaarheid elke dag van sy lewe openbaar word.

Hierdie grootse en oorweldigende roeping, naamlik om 'n lewe van dankbaarheid te lei, word moontlik gemaak deurdat met die herhaling van die Wet van God die wil van die Here aan ons voorgehou word. Om daardie wil na te kom en jou eie gelowige wil te versaak moet in ons die gees en grondtoon van alle lewenswoorde en -dade van die gelowige wees. Wie die Wet van die Here uitskuiwe uit sy of haar lewe, sal ondervind dat dit onmoontlik is om daarna nog die lewe van dankbaarheid te kan lei. Die wil van God is nodig as reël van die lewe ten einde daardie grondtoon van dankbaarheid te kan verwesenlik.

Dit is dus 'n uiters belangrike funksie wat die Wet in ons lewe moet vervul; maar dit is nog nie al nie, want die Wet moet ook nog verder diens doen om 'n lewendige besef van ons sondige natuur in ons wakker te hou. Sonde is so 'n natuurlike iets in ons lewe na die sondeval dat ons dit alleen in sy ware karakter kan ken as die lig van God se Wet op ons lewe val. So lees ons dat die apostel Paulus in Romeine 7:7 sê: " ... Intendeel, ek sou die sonde nie anders as deur die wet geken het nie; want ek sou ook die begeerlikheid nie geken het nie as die wet nie gesê het: Jy mag nie begeer nie". Die Wet van die Here beklee dus 'n onmisbare plek in die lewe van elke gelowige.

Die gedurige herhaling van die Wet mag dus nooit ontaard in 'n dooie vorm nie; maar elke keer wat dit gelees word, word die gelowige gestel voor die troon van God, vanwaar God sy wil uitspreek en in die lewe van sy volk laat kom. Net so min as wat 'n onderdaan die wette en bepalinge van sy vors of regering kan verontagsaam en nog 'n behoorlike burger(es) kan wees, net so min kan 'n gelowige Gods Wet verontagsaam en dan nog probeer om 'n Gode welbehaaglike lewe te lei.

En nadat die Wet van die Here aangehoor is, is dit heeltemal natuurlik dat die gelowige daarop sal antwoord, maar hierdie antwoord moet 'n spesifieke karakter dra, maar ook alweer tweeledig. Dit moet die Karakter van 'n skuldbelydenis dra, en hierdie skuldbelydenis moet met ware deemoed van die hart voor God uitgespreek word. En tog moet deur die skuldbelydenis die blye stem van verwagting straal, omdat die skuld voor God versoen is en daar sondevergifenis voor sy troon verwerf is deur die soendood van onse Here Jesus Christus.

Hierdie tweeledige karakter van die antwoord van die gelowige op die wetsaankondiging kan die beste geïllustreer word deur die laaste vers van die berymde Tien Gebooie:

"Ons het, O Heer, u wet weerstrew,
genade is al waar ons op pleit:
gee ons in Christus nuwe lewe
om dit te doen uit dankbaarheid."

Die voorgangers moet dus die vers wat in antwoord op die Wet gesing word, sorgvuldig kies; dan kom hierdie liturgiese handeling tot sy volle reg.

HOOFSTUK 8: DIE SKRIFLESING

Tot dusver het ons by die verskillende aanbiddingsvorme afwisselend die liturg sien optree in die Naam van die Here en in die naam van die vergaderde volk. Maar nou kom ons by een van die belangrikste gebeurtenisse tydens so 'n erediens, naamlik as God tot sy volk direk gaan spreek deur middel van sy Woord. Dit is 'n besondere belangrike gebeurtenis, maar dan moet dit reg verstaan word.

Die gebruik om uit die Heilige Skrif voor te lees is baie oud en kom reeds in die byeenkomste van Israel voor (Deut. 31:10-13) en in die Nieu-Testamentiese bedeling blykens Handeling 15:21 en 13:15 en 27 heel van die begin van die vergadering van die Nieu-Testamentiese gelowiges af. Maar hierdie voorlesing uit die Skrif is in die loop van die eeue met verskillende motiewe gedoen. So het die Konvent van Wesel in 1568 byvoorbeeld bepaal dat die voorlesing moes geskied terwyl die gelowiges besig was om in die kerkplek te versamel, sodat daar nie 'n ydele geselsery kon plaasvind nie. Dit was in 'n mate nog verskoonbaar, want dit was tog bedoel om die kennis van die Skrif te verbeter. Bybels was destyds maar baie skaars en daar was baie mense wat nie kon lees nie; dus kon hulle langs hierdie weg bekend raak met die inhoud van die Heilige Skrif. Hierdie voorlesing van die Heilige Skrif was dus nie 'n deel van die erediens nie, en dus het dit nie as 'n vaste vorm vir die erediens gegeld nie. Vandag kan ons God dank sê dat dit tog nie meer nodig is om langs so 'n omweg met die inhoud van die Heilige Skrif vertrou te raak nie, want elke gelowige kan vandag teen 'n geringe bedraggie die hele Bybel aanskaf, en dit dan nog in sy eie taal. Die inhoud van die Bybel kan dus tuis nagegaan word, en dit is sekerlik iets waarvoor ons God nooit genoeg kan dank nie. Maar dit is sekerlik ook 'n feit wat in die dag van die dae teen ons sal getuig, as ons die Bybel so maklik in besit kon kry en daar tog nie gebruik van gemaak het nie. Die kennis van die Heilige Skrif moes in ons tyd baie groot gewees het en tog wys die werklikheid daarop dat 'n geringe deel van die gelowiges waarlik die Heilige Skrif grondig ken.

Die vraag is dan: Met watter doel word die Bybel in die erediens voorgelees? Op hierdie vraag vind ons hoofsaaklik twee rigtings in die antwoorde: Die een gedagterigting sê dat die Skrif gelees moet word met die doel om elke Sondag van die treffendste dele van die Heilige Skrif aan die gemeente voor te hou en langs die weg die heerlike inhoud van die Skrif bekend te maak. Die ander rigting sê dat dit moet geskied ten einde die hoorders in staat te stel om die verband waarin die teksvers(e) voorkom, beter te verstaan. By ons is die laasgenoemde die geval, en dit sal later duidelik word waarom ons dit só opneem.

In albei gevalle is dit egter 'n baie belangrike vorm van die erediens, omdat die grondgedagte is dat dit God self is wat tot sy volk spreek. Dit maak die Skriflesing van buitengewone belang, want die Skrif bring vir ons Gods Woord; en as die voorganger uit die Bybel lees, is dit inderdaad God wat tot sy gelowige kinders op aarde spreek.

Die gang van die erediens is dus nog 'n stygende lyn, naamlik na die votum uitgespreek is en die erediens begin het, is die groetseën uitgespreek in die Naam van God, waarop die gemeente met 'n loflied geantwoord het. Aansluitend by die loflied is in die openbaar belydenis gedoen van die geloofswaarhede, om sodoende die besondere karakter van die byeenkoms aan te dui. Daarop is in die Naam van God sy Wet afgekondig as reël van dankbaarheid waarvolgens die lewe van die gelowige gelei moet word, en daarop is geantwoord met 'n skuldbelydende maar tog dankende vers vir die verlossing in Christus. Nou volg in die stygende lyn die voorlesing van die Heilige Skrif, waardeur die vergaderde gelowiges dus gestel word voor Gods troon om te luister na wat Hyself deur sy Woord tot die gemeente sê. Voeg daarby dat hierdie gedeelte uit die Woord van God gelees word met die doel om later die verklaring van sy Woord beter te kan verstaan, en dan behoort dit duidelik te wees dat die gemeente met besondere aandag behoort te luister na die voorlesing van die Skrif.

En dit stel as vanself die eis dat die Bybel só voorgelees moet word dat die hoorders dit maklik kan volg. Maar selfs die beste luisteraar vind dit tog maar moeilik om die inhoud so op die klank af ten volle te waardeer, daarom is dit sekerlik gerade om die Heilige Skrif by jou te hê, want dan word by die oor ook nog die oog gebruik en kan die inhoud dus beter tuis gebring word. Dit behoort van kleins af gewoonte by ons te wees om saam met die boek waaruit ons sing, ook die Bybel te neem, sodat die inhoud van die

voorgelese deel beter gevolg kan word.

Ons verkies dus die voorlesing van die Skrif as toeligting by die Skrifteks waaroor die preek sal handel. Die ander gebruik om elke Sondag 'n vasgestelde perikoop te lees in al die gemeentes van daardie kerk, het ook iets moois in; maar daar lê tog 'n mate van onnatuurlikheid in opgesluit, omdat die liturg dan nie die keuse van die stuk wat hy gaan voorlees, mag bepaal volgens die omstandighede wat daar in sy gemeente heers nie. En die gevaar is juis al so groot dat ons gestandaardiseerde gelowiges kry wat wel lewe volgens 'n algemene lewenspatroon maar nie meer die eie persoonlikheid afdruk op sy lewensdade nie.

As God dus deur sy Woord tot die vergaderde gelowiges spreek, behoort daar net een bede in die hart van elkeen te wees, naamlik: "Spreek Here want u dienskneg(-maag) hoor".

HOOFSTUK 9: DIE GEBED

Die woorde van die Here Jesus tydens die tweede tempelreiniging, naamlik: "My huis moet 'n huis van gebed genoem word", is vandag ook nog 'n suiwere aanduiding van watter plek die gebed in ons eredienste moet inneem. Omstandighede het wel baie verander sedert die woorde deur die Here Jesus gespreek is, maar die een ding wat nie verander het nie, is die onuitroeibare begeerte by die mens om met God in verbinding te kom. As ons kom by die gebed as 'n vaste vorm van aanbidding, is dit byna asof ons ingedring het tot die binneste heiligdom van die Nieu-Testamentiese erediens. Ons is egter so gewoon aan die gebed as 'n handeling in die lewe van die gelowige dat die besondere karakter daarvan dikwels verlore gaan.

In die verrigtinge wat ons tot sover ontleed het, was daar reeds veel wat ons behoort aan te gryp, maar dit is eers as ons kom by die heilige voorreg om in die Naam van onse Here Jesus voor die heilige aangesig van God te verskyn en daar die Vadernaam op die lippe te neem, dat ons by die werklike kern van die aanbidding kom.

Persone wat in die geleentheid was om aardse vorste of vorstinne te kon ontmoet, sal getuig met hoeveel spanning dit gewoonlik gepaard gaan. En tog is hulle ook maar mense net soos ons. En hier kom ons nou by die geleentheid van aanbidding om in die gebed te nader voor die Vors van alle vorste, die almagtige God, en sal dit dan nie iets besonders in ons lewe wees nie?

Ja, en as ons nou eerlik voor God moet sê hoeveel keer ons in gebed voor God verskyn sonder dat daar die minste ontroering by ons te bespeur is of sonder dat dit die minste spanning in ons lewe bring, dan besef ons pas hoever ons reeds op die weg van vormgodsdienste gevorder het.

Maar die kerngedagte by die gebed bly altyd die verskyning voor God, soos 'n kind voor sy of haar vader. Hierdie voorreg is een van die kosbaarste genadegawes wat onse Here Jesus aan sy volk op aarde geskenk het.

Maar ons moet hierdie heiligdom vir 'n oomblik betree en die gebed as vaste vorm van aanbidding nader ontleed.

Ons *gebedshouding* moet ons hier aanroer. Voor 'n aardse vors moet alles so korrek en verhewe moontlik toegaan; hoeveel te meer dan nie voor die almagtige God nie? Dit is nou eenmaal waar dat die uiterlike vorm van 'n saak nie onverskillig kan wees nie. Wie voor God in gebed verskyn sonder die regte gesindheid van die hart, sal tog van die gebed 'n bespotting maak. En as die regte gesindheid in die hart aanwesig is, sal die uiterlike vorm vanself regkom. Hierdie uiterlike vorm van die gebed noem ons die *gebedshouding*. Meesal word die oë gesluit as teken van afsondering van die omringende en dikwels steurende dinge. Die hande word gevou as teken van opregte kinderlike oorgawe; en die liggaam word soveel moontlik in 'n houding van opregte eerbied gestel. Die uiterlike bly egter nie die belangrikste nie, maar die innerlike gesindheid sal hier die deurslag gee.

In die erediens is daar verskillende gebedsgeleenthede, naamlik die gebed voor en ná die preek. Dit is nodig om oor elkeen afsonderlik iets te sê.

Die gebed vóór die preek

Hierdie gebed word ook genoem die *gebed om alle nood* — en dit moet dan 'n aanduiding wees van die inhoud daarvan.

Ons vind dikwels dat gesê word dat die belangrikste rede vir ons kerkgang is om die preek te hoor. Nou bly die diens van die Woord vir ons as kinders van die Reformasie sekerlik 'n baie belangrike gebeurtenis, maar die gebed mag nie 'n minderwaardige plekkie kry nie, want in die Heilige Skrif word dit baie sterk beklemtoon. As ons in Handeling 9:11 lees wat die Here vir Ananias aangaande Saulus gesê het, naamlik: *Want kyk hy bid*, dan is dit tog 'n baie sterk beklemtoning van die gebed. Saulus, die Fariseër, wat op wonderbaarlike wyse deur die Here gegryp is, het nou pas die waaragtige gebed leer ken. Daarom moet ons aan die gebed in ons eredienste die regte plek toeken.

In die gebed voor die preek tree die voorganger dus op as die mondstuk van die vergaderde gelowiges om *alle nood te gedenk*.

Hierdie gebed moet daarop bereken wees om die weg oop te maak vir die aanhore van die predikasie; daarom vestig baie liturge vooraf die gemeente se aandag op die skrifgedeelte wat behandel sal word, sodat die voorbereidende gebed nog vrugbaarder kan wees. Maar die vergaderde gelowiges kan ook nie hulle sorg en kommer tuis laat bly nie; hulle moet dit, helaas, maar meeneem kerk toe, en daar kan dit dan voor God uitgespreek word tot verruiming van die gemoed. Daarom moet die voorganger ook sy lidmate ken sodat hy in die gebed waarlik mondstuk kan wees. Maar die gelowiges mag nooit in selftevredenheid vergeet dat hulle op aarde is en dat hulle hier 'n groot verantwoordelikheid moet dra nie. In die gebed om alle nood moet dus ook gedink word aan die wêreld in sy groot geheel; aan die volkere, met hulle regeerders, en natuurlik ook aan eie volk en regering. So kom as 't ware vanself die sending en evangelisasie aan die orde en, om kort te gaan: alles wat voor God gedenk moet word.

Hierdie gebed mag egter nie ontaard in 'n geklaag en gekerm voor God nie, want ook in die gebedslewe moet die grondtoon van waaragtige dankbaarheid geopenbaar word. Uit die aard van die saak sal hierdie gebed langer wees as die gewone gebede, daarom is dit noodsaaklik dat die liturg in sy gebed sekere dinge in gedagte moet hou. Hy moet so eenvoudig moontlik bid. As hy byvoorbeeld lang aaneengeskakelde sinne gebruik, sal die gelowiges nie maklik saam kan bid nie; en as dit nie die geval is nie, gaan daar nie veel krag van uit nie. As hy sy sinne kort en afgerond besig soos die Here Jesus ons ook in die Onse Vader voorgedaan het, is dit doeltreffender. Hy moet rekening hou met die gehoor en hulle mondstuk wees, sodat hulle Amen kan sê op die gebed.

Die gebed ná die preek.

Vroeër was dit die lang gebed van die erediens, en die voor die preek kort en ter sake, naamlik voorbereiding vir die preek. Vandag is die aksent egter verskuiwe en val die klem op die gebed voor die preek, terwyl die gebed ná die preek meesal kort is. Dit is bestem as 'n *dankgebed* vir al die seëninge wat ook weer by hierdie geleentheid van aanbidding die gelowiges deur die almagtige Verbondsgod toebedeel is. Danksegging vir die Woordbediening wat weer beluister kon word, en verder vir alles wat by die geleentheid ontvang is.

Voordat ons afstap van die gebed as vorm van aanbidding, nog iets in verband met ons formuliergebede.

As ons die Psalmboek deurgaang, sien ons dat agterin tussen die sogenaamde liturgiese geskifte 'n hele paar formuliergebede afgedruk is. Ons vind daar 'n twaalfstal gebede wat vir verskillende doeleindes aangedui word en waarvan 'n hele paar diens kan doen by andere verrigtinge as die eredienste. Die meeste van die formuliergebede word egter maar min gebruik, en die rede daarvoor moet na alle waarskynlikheid gesoek word in 'n ruime mate van afkeer wat daar in die Protestantse wêreld geheers het teen hierdie soort gebede. By sekere groepe gelowiges is geen formuliere en formuliergebede geduld nie, maar dit is sekerlik 'n uiterste waartoe hulle geraak het. By ons is dit gebruikelik om die formuliergebede wat in die formuliere voorkom, te gebruik, byvoorbeeld by die sakramentsbediening, sowel doop as nagmaal, by die bevestiging van ampsdraers, ens.

Maar daar is niks wat verhoed om die ander formuliergebede te gebruik nie, trouens, dit is seker beter om hulle te gebruik as om by sekere geleenthede glad nie te bid nie, omdat daar sogenaamd geen persoon was wat vrymoedigheid het om voor te gaan in die gebed nie. En as ons die formuliergebede lees, is dit 'n duidelike aanwysing hoe om jou gedagtes kort en bondig te formuleer.

Ons mag nooit vergeet dat die Here Jesus ook 'n formuliergebed vir ons nagelaat het nie, naamlik die Onse Vader, en die gebed mag nie uit ons lewe verdwyn nie.

HOOFSTUK 10: DIE PREEK

By die behandeling van die Skriflesing is reeds kortliks verwys na die verband tussen die voorlesing van 'n deel van die Heilige Skrif ten einde die teks wat in die preek behandel sal word, in sy regte perspektief te laat sien. Nou moet ons aandag skenk aan die preek as 'n baie belangrike deel van die verrigtinge tydens die geleentheid van aanbidding van die gelowige gemeente.

By die gebed het dit geblyk dat die kern daarvan is dat die gelowiges as 't ware in die teenwoordigheid van God verskyn. Dit is bepaald 'n uiters belangrike deel van die erediens; maar as ons by die preek kom, is dit 'n ewe belangrike deel, want die kerngedagte hier is: "So spreek die Here". Die belangrikheid van hierdie deel van die verrigtinge blyk al dadelik verder daaruit dat dit die langste aanhou. Die tydsduur van die preek is in die Protestantse kerke van gereformeerde karakter meesal net so lank as al die ander verrigtinge saam.

Wat verstaan ons nou eintlik onder 'n preek? Dit mag eenaardig klink om so 'n vraag te stel, want dit is tog sekerlik so algemeen bekend dat 'n nadere aanduiding daarvan oorbodig mag lyk. Tog is dit juis hierdie vermeende bekendheid met wat 'n preek is, wat die groot bron van gevaar is, want baie meen dat hulle weet wat dit eintlik is, terwyl hulle hoegenaamd nie weet wat 'n preek waarlik moet wees nie. Ons kan die vraag hierbo gestel, miskien die beste beantwoord deur op die volgende te wys:

'n Preek bestaan uit twee karaktertrekke, naamlik die *verklaring* van die Woord en die *toepassing* daarvan op die lewe van die gelowiges.

Die verklaring van die Woord: Die Woord van God, wat die openbaring van God se Raadsplan is soos God dit vir sy volk te boek laat stel het, is soos 'n goudmyn waarin diep gegrawe moet word om die gouddraende erts te voorskyn te haal. Die voorganger of prediker moet dus in hierdie goudmyn van Gods openbaring grawe om sodoende die heerlike waarhede na vore te bring. Dit is wat ons verstaan onder die verklaring van die Heilige Skrif. Tydens sy voorbereiding moet die aanstaande predikant geleer word hoe hy die Woord van God moet ontgin.

Die toepassing daarvan: Diegene wat saamkom om God te dien, is wel gelowiges of begenadigdes, maar hulle is almal nog mense wat in die lewe te worstel het met die sonde in en om hulle heen. Daarom moet deur 'n preek die waarhede wat uit die Heilige Skrif gehaal is, ingedra word in die lewe van die gelowiges, sodat hulle daardeur vermaan en vertroos kan word en by die lig van die Woord kan voortgaan op die lewensweg totdat God self hulle aflos.

Hierdie prediking van die Woord kan nie maar sommer deur enige persoon waargeneem word nie maar slegs deur hulle wat daartoe geroep is en langs die ordelike weg in die amp gestel is. So alleen kan dit 'n amptelike aksie wees wat in die Naam van die Koning van die kerk kan geskied.

So moet die gelowiges dus in die preek gekonfronteer word met God, sodat by die behandeling van die aangekondigde teks duidelik kan word wat God in daardie Skrifgedeelte tot sy gemeente wil sê. Daarom mag 'n prediker nooit oor 'n teks preek wat vir hom nog nie heeltemal duidelik is nie, want hy moet daardie aangekondigde teks verklaar en toepas in die lewe van die gelowige hoorders.

Hoe moet so 'n preek aangehoor word? Soos 'n onderdaan wat bevoorreg is om te luister na die woorde van sy vors of koning, dit met die grootste aandag sal aanhoor en aanvaar, so moet die gelowiges staan teenoor die Woord van die Here wat tot hulle gebring word in opdrag van hulle Here en Koning, Jesus Christus.

Nou word vir hierdie hoogheilige doel sondige mense gebruik wat by die verkondiging van die Woord nie bokant die gewone menslike tekortkominge kan uitstyg nie. Verder is daar onder hulle sommige wat tien talente van hulle Meester ontvang het en dus met buitengewone bekwaamheid die taak verrig. Ander, egter, het drie en selfs een talent ontvang, sodat hulle, gemeet met die menslike maatstawwe, ver te kort skiet by die eersgenoemde groep. As gevolg van hierdie sondig menslike toestand onder die instrumente wat die Here Jesus in sy koninkryk gebruik, kry ons soms toestande wat tot

droefheid stem, naamlik dat gelowiges wegbly van die samekomste af, omdat die predikant dan nie mooi genoeg preek nie. Hiervoor moet ons as gelowiges gedurig waak, want dit gaan hier nie om mooi preke of mooi stemme of iets dergeliks nie, maar dit gaan hier om wat God tot sy gemeente wil spreek. En al het die prediker in sekere opsigte ook maar een talent, en dit was nogtans God se wil om hom vir daardie herderstaak te roep, moet sy werk as sodanig gesien word en moet die gelowiges na hom luister, omdat dit Gods Woord is. Die vrugbaarste manier om na die prediking te luister is sekerlik met 'n oop Bybel voor jou, sodat jy die waarhede nog verder tuis Kan bring. Die gelowige hoorders mag dan ook onder die preek nie geheel en al lydelik wees nie maar moet wat gehoor word, intens volg en dit verwerk. Daarom is dit so noodsaaklik dat die prediker duidelik moet praat en woorde gebruik wat sy hoorders maklik kan verstaan. Ook moet hy nie te vinnig van een gedagte op die ander oorgaan nie, want dan kan al die hoorders hom nie volg nie. En as die aandag weg is by ander dinge, is die beste prediking vrugteloos.

In ons tyd word maklik allerlei menslike maatstawwe aangewend om die preke te beoordeel, maar heel dikwels word nie gevra of dit waarlik Skrifprediking was of menslike woorde en verhale wat as kunsgrepe aangewend is om die gehoor te boei nie.

Sodanige prediking moet op die duur 'n geestelike ondervoede gemeente bewerkstellig. En dit is, helaas, waar as gelowiges die dag afgewen het om die Woord van God te hoor, ontleer hulle die kuns om te luister na die waarhede van die Skrif en sê hulle heel maklik dat die predikant tog te ingewikkeld preek en dat hulle hom nie kan volg nie. En al die tyd is dit geestelike luiheid, omdat die hoorder nie meer met inspanning wil luister nie.

In die verrigtinge tydens die geleentheid van aanbidding word dus nie verniet in die Protestants-gereformeerde kerke die meeste tyd vir die preek afgesonder nie. Dit moet inderdaad só gevat word dat die gelowiges gevoed en versterk, vermaan en tereggewys die gebou verlaat om weer in die week se storms en stampe met vaste geloofstred koers te kan hou.

HOOFSTUK 11: PLEGTIGE KERKLIKE HANDELINGE (i)

Die sakramente

In die Gereformeerde eredienste is alles gerig op die Woord van God. Die Woord is inderdaad die sentrale punt van die hele erediens. Daarom is die preekstoel die middelpunt en nie die altaar soos dit by Rome en ander kerke is nie.

Tot dusver het ons aandag geskenk aan daardie vorme van aanbidding waarin die gesproke woord die meeste klein ontvang, hetsy dat dit in die preek, die gebed of die gemeentesang was. Nou egter moet ons aandag skenk aan daardie vorme waarin dit veral op 'n plegtige handeling neerkom.

In die Gereformeerde eredienste is daar nie veel van die soort vorme nie. Dit moet hoofsaaklik verklaar word uit die feit dat die reformatore, en in hierdie geval veral Calvyn, in verset gekom het teen die erediens van die Roomse Kerk, waarin die soort handeling verreweg die oorhand verkry het en die Woord, selfs die gepredikte Woord, op die agtergrond gestaan het.

By die bespreking van die soort plegtige handeling is dit nodig om daarop te wys dat daarin ook gebruik gemaak word van die gesproke woord, en daarsonder kan hulle selfs nie doelmatig ingerig word nie. Dink byvoorbeeld aan die formulier wat tydens die sakramentsbediening gelees moet word.

Vir ons doel word hierdie soort plegtige handeling in *drie* groepe behandel t.w.

- i. die Sakramente,
- ii. die ander kerklike plegtighede en
- iii. die Christelike handreiking.

In hierdie hoofstuk word nou verder net aandag geskenk aan die sakramente.

Waar daar by Rome byvoorbeeld sewe sakramente is, is daar by ons slegs *twee* naamlik, die Heilige Doop en die Heilige Nagmaal.

Die sakramente as sodanig

In antwoord 66 van die Heidelbergse Kategismus vind ons die volgende omlýning van die sakramente: "Die Sakramente is heilige, sigbare waartekens en seëls deur God ingestel om ons deur die gebruik daarvan die belofte van die Evangelie des te beter te laat verstaan en te verseël; naamlik dat Hy ons vanweë die enige slagoffer van Christus, wat aan die kruis volbring is, vergewing van sondes en die ewige lewe uit genade skenk."

Ons het dus by die sakramente nie te doen met tekens wat iets anders aan die gemeente wil voorhou as wat die Heilige Skrif doen nie, maar veeleer iets wat by die inhoud van die Heilige Skrif kom om die kerngedagte daarvan duideliker te maak en te beseël. Daarom word in die Gereformeerde eredienste Woord en sakrament altyd bymekaar gehou. So word in ons kerkorde in verband met die doop in artikel 56 bepaal: "Die verbond van God moet aan die kinders van die Christene met die doop verseël word so spoedig as wat die bediening kan plaasvind, en dit in die openbare samekoms wanneer die Woord van God gepreek word".

En in art. 64 word aangaande die sakrament van die nagmaal bepaal: "Die bediening van die Nagmaal sal altyd plaasvind waar toesig van ouderlinge volgens kerklike orde is en in 'n openbare samekoms van die gemeente".

Albei die sakramente word dus onlosmaaklik verbind aan die bediening van die Woord. Woord en sakrament is dus 'n twee-eenheid in die wêreld van Gereformeerde eredienste. Dit is die een groot rede waarom ons, waar ons stilstaan by die vorme van aanbidding, ook aandag moet gee aan hierdie plegtige kerklike handeling. Dit is 'n onafskeidbare deel van die eredienste, en dit is selfs onmoontlik om net bymekaar te kom vir die doop of vir die nagmaal en dit dan ook 'n erediens te noem. Dit is ook die rede waarom die Gereformeerde vaders nie te vinde was vir die sogenaamde huis-doop nie en ook nie vir die sogenaamde kranke-kommunie nie. En as laasgenoemde nog deur die Sinode van

Dordrecht in 1618 en 1619 by wyse van hoë uitsondering toegelaat word, is uitdruklik bepaal dat dit ook met Woordbediening gepaard moet gaan. Ons kerk se Sinodes het egter konsekwent vasgehou dat die sakramente in die eredienste bedien moet word.

Die verdere rede waarom ons hier aandag moet gee aan die sakramente is omdat hulle ook bepaalde vorme van aanbidding is. Albei die sakramente is ingestel deur die Koning van die kerk en wel op sodanige wyse dat die kerk dit nie mag oorlaat aan die willekeur van die mense nie. Voeg ons hierdie feit by die doel van die sakramente soos dit hierbo gestel is, dan behoort dit duidelik te wees dat ons hier met uiters belangrike vorme van aanbidding te doen het. En in hierdie verband moet daarop gelet word dat elke sakrament ook weer afsonderlik, kragtens sy eie karakter, 'n eiesoortige plek moet inneem, soos ons nou verder hoop aan te dui.

Die sakrament van die doop

Dit is ons hier nie te doen om die leerstellige sy van hierdie sakrament na te gaan nie, maar om die sakrament te probeer inskakel in die eenheid van die vorme van aanbidding. As ons die sakrament van die doop dan vanuit hierdie hoek benader, moet ons veral rekening hou met twee kante daarvan, naamlik die persone wat daar direk by betrokke is, en die groot groep wat as gemeente getuies is van die plegtige handeling.

By die bediening van die Heilige Doop is dit nie 'n ingewikkelde handeling soos by die Roomse sakramentsbediening van die doop nie. Die formulier word gelees om daardeur die hele saak in duidelike lig te stel; dan word die belanghebbende ouers opgeroep om voor die kansel die vrae aan te hoor en daarop te antwoord, waarna die doop bedien word aan die kind(ers) in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees.

Vir die persone wat daar direk by betrokke is, is dit 'n handeling van groot gewig. Die kindjie is weliswaar nog onbewus wat rondom hom of haar plaasvind, maar dit is tog betrek in die Verbond wat God met sy volk opgerig het, en daarom is die kind geregtig daarop om die teken van die verbond so spoedig moontlik te ontvang. Daardie openbare teken is van groot betekenis in die lewe van die kind; en gaandeweg sal dit meer en meer inhoud verkry, totdat die oomblik daar is om self voor God en die gemeente belydenis van die geloof af te lê.

Die ouers vra die doop aan vir hulle kind en daarom is hulle doelbewus deelnemers aan die plegtige handeling. Aan hulle word drie baie belangrike vrae gestel, en ten aanhore van die hele gemeente lê hulle daardie dure doopsbelofte af voor die Verbondsgod. Dit is dus 'n besondere oomblik vir hulle; want as verbondsouers word hulle geroep om die kind op te voed, en hier lê hulle nou die gelofte af wat hulle met God se genadekrag sal volvoer en die kind sal opvoed by die lig van die Heilige Skrif, sodat die kind van jongs af God sal liefhê en as gelowige verbondeling sal opgroei. Vir die doopouers is die sakrament van die doop dus nie iets wat hulle maar uit gewoonte nakom nie, maar 'n besondere belangrike moment as hulle ten aanhore van soveel getuies die dure doopsbelofte aflê. By die bediening van die doop is die gemeente ook teenwoordig, soos tevore duidelik gestel.

Het die gemeente nou ook belang by so 'n doopsbediening? Sekerlik, en die gees van "wat gaan dit my nou eintlik aan" is een van die bedenklike verskynsels in ons tyd. Die gemeente het daar belang by, en dit word veral duidelik as ons die *doel* van die sakramente in herinnering roep, naamlik 'n *beseëling van die belofte van die Evangelie* dat daar versoening verwerf is deur die soendood van Christus en gevolglik die ewige geluksaligheid vir sy volk.

So moet die bediening van die doop tot die gemeente spreek as teken van die versoening deur die soenbloed van Christus. Dit moet 'n oorsaak van waaragtige vreugde en blydskap wees, nie net vir die ouers nie maar vir alle gelowiges, dat tot daardie verbond 'n kindjie toegevoeg is en dat die doop as teken en seël in die openbaar ontvang kan word.

As daar nie meer kinders gebore word nie en die sakrament van die doop nie meer bedien kan word nie, is dit die handskrif aan die muur nie net vir die voortbestaan van die volk nie maar, wat nog erger is, vir die voortbestaan van Gods kerk op aarde.

Die gemeente het verder belang by die doop, omdat dit 'n waarborg is vir die suiwerheid van die handeling en die handhawing van die goeie orde daarvan. Daarom word dit ingeskakel as 'n deel van die allerheiligste samekoms, naamlik van Gods volk in aanbidding voor die aangesig van God. Die gemeente mag tog nooit onverskillig wees ten opsigte van diegene wat daarin opgeneem word nie, en so lê die bande tussen die gemeente en die dopeling in Christus vas en seker.

Die sakrament van die nagmaal

Die tweede sakrament verskil weliswaar wat karakter betref, radikaal van die eerste, maar dit is tog ook 'n sakrament en moet as sodanig dieselfde doel dien. As ons dus hier aandag skenk aan die sakrament van die nagmaal as 'n vaste vorm van aanbidding, moet die klein veral gelê word op die feit dat dit 'n heilige handeling is, waaraan die belydende lidmate van die gemeente moet deelneem. Hier sal dus onderskei moet word tussen 'n *persoonlike* en 'n *gemeenskaplike* betekenis.

Die persoonlike: Dit lê in die feit opgesluit dat by die nagmaalsbediening in die Naam van die Koning van die kerk by monde van die liturg 'n *uitnodiging* gerig word tot die aanwesiges om toe te tree tot die verbondsdis. Elke gelowige word hierdeur dus genoodsaak om persoonlik te reageer op hierdie uitnodiging. En by die reaksie is dit nodig om in gedagte te hou dat Christus self die nagmaal ingestel het en gesê het: „Doen dit tot my gedagtenis, totdat Ek kom“. As vorm van aanbidding lê dit dus op elkeen wat die uitnodiging ontvang die beslissing om gehoorsaam te wees aan daardie bevel, maar tewens ook die keuse om persoonlik deel te hê aan hierdie heilige handeling voor Gods aangesig of nie. So moet die sakrament van die nagmaal in die lewe van elke gelowige 'n persoonlike waarborg bring dat die dood van Christus ook ter wille van hom of haar was, maar dat die heerlike verlossing deur Hom verwerf, tewens ook vir hom of haar persoonlik ten goede kom. Dit moet dus 'n doelbewuste deelname wees aan hierdie heilige handeling voor God, weliswaar in opdrag van Koning Christus maar tegelykertyd ook om daardeur persoonlik geloofsversekering te bekom en sodoende die geloofstryd beter te kan stry.

Die gemeenskaplike: Tevore is daarop gewys dat die Gereformeerde vaders ook die bediening van die sakrament van die nagmaal verbind het aan die bediening van die Woord, dus in die samekomste van die gemeente. Die gemeente bestaan weliswaar uit afsonderlike persone maar nie in die sin van 'n klomp los klippe wat naas en teen mekaar lê nie. Nee, die gemeente is 'n eenheid in Christus, en juis wanneer die nagmaal bedien word, moet daardie hoër eenheid van die gemeente aan die lig tree. Net soos een groot gesin word die gemeente aan die verbondsdis vergader om daar die weldade van die versoening van Christus deelagtig te wees. Hierdie gemeenskaplike karakter van die nagmaalsbediening moet ook 'n heerlike simboliek dra, naamlik dat die dag sal kom dat die Bruidegom Christus met sy bruidskerk in vlekkelose heiligheid sal aansit aan die ewige maaltyd wat God laat voorberei het. Hierdie groot gedagte wat deur die nagmaal gedra word, word deur Onse Here Jesus mooi gestel in Mattheus 26:29, waar ons lees: "Maar ek sê vir julle: Ek sal van nou af nooit meer van hierdie vrug van die wyntok drink nie, tot op daardie dag wanneer Ek dit net julle nuut sal drink in die koninkryk van my Vader".

So moet die bediening van die nagmaal, as heilige handeling, 'n belangrike vorm van aanbidding vir die gemeente wees. Want daardeur word dit gevrywaar van ontaarding as 'n menslike aangeleentheid wat deur menslike bepalinge beheers word. Dit geskied in ons Kerke maar elke drie maande, maar sekerlik nie omdat dit van minder belang is as die sakrament van die doop, wat elke Sondag bedien kan word nie, maar hoofsaaklik om praktiese redes. Calvyn was ten gunste van wekelikse nagmaalsviering, maar hy kon dit nie in Genève verkry nie. So het die praktyk van die kerklike lewe gemaak dat dit in kerke van gereformeerde herkoms hoogstens ses keer per jaar maar in die meeste slegs vier maal per jaar bedien word.

HOOFSTUK 12: PLEGTIGE KERKLIKE HANDELINGE (ii)

Belydenis van die geloof, openbare tughandeling en bevestiging in die ampte

Die soort handeling as sodanig

Hierbo is die aandag daarop gevestig dat by die gereformeerdes die kerklike plegtighede nie te veel is nie. Daar is toe verder onderskei tussen *drie* groepe van die plegtighede, naamlik die sakramente; ander plegtighede en die Christelike handreiking.

By die behandeling van die eerste groep, naamlik die sakramente, het die noue verbinding tussen Woord en sakrament duidelik aan die lig getree. By die ander plegtige handeling kan die bediening van die Woord ook nie agterweë bly nie, maar daar is tog die verskil dat, hoewel hulle altyd by 'n erediens-geleentheid moet plaasvind, die plegtige handeling en die verkondiging van die Woord nie tot so 'n mate van eenheid geraak as wat by die Woord en sakramente die geval is nie.

Die plegtige handeling wat hier die aandag moet geniet, is egter ook nie net handeling nie, want ook hier moet die gesproke woord sy plek kry, selfs waar daar geen formulier is wat gelees word nie.

1. Belydenis van die geloof

Hoewel by Rome reeds van vroeg af die sogenaamde kinder-kommunie voorgekom het, sodat kinders ook die dood van die Here mag gedenk, het die Reformasie weggebreek van hierdie praktyk.

So vind ons dat die Gereformeerde vaders op die voetspoor van Calvyn neergelê het dat niemand tot die nagmaal van die Here toegelaat mag word wat nie volgens gebruik van die kerk waarby hy hom voeg, belydenis van die Gereformeerde godsdiens gedoen het nie . . .

Hierdie openbare belydenisdaad het Calvyn soos volg aangedui: "Dit was 'n gewenste saak dat ons die gewoonte behou het wat by die oues in gebruik was, van 'n Christelike onderwysing, waardeur die kinders of aankomende jongeliede voor die gemeente rekenskap van hulle geloof mag gegee het ... en dat 'n kind van tien jaar hom voor die gemeente gestel het om belydenis van die geloof te doen".

Calvyn stel hier die leeftyd op tien jaar, maar die algemene gebruik was van die begin af om die leeftyd op veertien te stel, en later is dit nog verder verhoog.

Hier kry ons dus die nou verband tussen die geloofsbelydenis en die kategetiese onderrig wat aan die verbondskinders gegee is. Die kinders wat dus as gevolg van die verbondsonderrig tot 'n mate van rypheid gekom het, moes, as hulle beantwoord aan die vereiste standaard wat die kerk daarvoor bepaal het, ondersoek word na hulle kennis, en as hulle aan die vereistes beantwoord het, is aan hulle geleentheid gegee om voor die gemeente, in erediens vergader, belydenis van hulle geloof af te lê.

Hierdie plegtigheid het in ons Kerk min of meer die volgende vorm aangeneem. Calvyn het die wenslikheid uitgespreek dat 'n formulier hiervoor opgestel moes word, maar dit het nie gebeur nie, want die gereformeerdes was afkeurig van 'n formulier vir hierdie saak. Daarom het ons Kerk volstaan met 'n formulier van vrae wat aan die jong broeders en susters voorgelees moes word en waarop elkeen afsonderlik hardop moes antwoord na sy of haar naam afgelees is.

In die eerste twee vrae word die aandag gevestig op die leer van die kerk en moet beloof word om hierdie leer met woord en daad deur Gods genade getrou te handhaaf. In die derde vraag word aandag geskenk aan 'n waardige lewe, wat ook gekenmerk moet wees deur 'n ywerige soeke van die bediening van Woord en sakramente, en verder 'n plegtige belofte van onderwerping aan die Christelike vermaning en tug "as u miskien u in leer of lewe misgaan".

Hierdie drie vrae word dan deur die liturg hardop voorgelees; en daarna moet elkeen wat belydenis wil aflê, na die aflesing van sy of haar naam, hardop "ja" daarop antwoord.

Hierop volg dan 'n kort geformuleerde gelukwensing en verwelkoming maar teweens 'n

opwekking tot getrouheid.

Dat ons hier te doen het met 'n belangrike handeling in die kerklike lewe, is ongetwyfeld waar, want dit is nie 'n openbare voorstelling van lidmate aan die gemeente nie, soos so dikwels gemeen word. Die jongelinge en jonge dogters word nie nou eers lidmate van die kerk nie, want hulle was reeds van die begin af dooplidmate. Nee, hulle doen nou ten aanhore van almal teenwoordig selfstandig belydenis van die geloof wat God hulle geskenk het. Tydens hulle doop het hulle ouers 'n dure belofte afgelê om die kinders op te voed in die verbondswaarhede, maar nou doen die kinders self die belofte om as mondige, belydende lidmate van die kerk, die waarhede te bely en hulle lewe daarvolgens in te rig. Daarom word hulle nie voorgestel as lidmate nie maar doen hulle belydenis van die geloof, om daarna belydende lidmate van die kerk te wees. En as sodanig word hulle dan ook verwelkom "in die volle gemeenskap met die volk van God", sodat dit sowel vir die gemeente as vir die wat belydenis afgelê het, 'n belangrike kerklike plegtigheid is wat ook as sodanig in eer gehou moet word.

2. Openbare tughandeling

Dit mag verkeerd lyk om onder die vorme van aanbidding ook die te reken wat te doen het met die tughandhawing in die gemeente. Dit skeel egter nie aan die tughandeling self nie maar aan die verkeerde tugopvatting van ons tyd. Die gereformeerde opvatting van die tug is iets anders as wat ons onder straf verstaan. Kerklike tug word deur baie verwar met die burgerlike strafgedagte, vandaar die verkeerde reaksie wat so dikwels onder gelowiges in ons tyd aangetref word as kerklike tug toegepas word. Die grondgedagte van burgerlike straf is vergelding vir oortreding van die wet; terwyl die grondgedagte van kerklike tug liefde is. Die tuggedagte van die kerk sluit aan by die van die Christelike huisgesin. Geen Christelike vader tug sy kind kragtens die gedagte van vergelding nie maar uit liefde om hom tot beter insigte te bring en so langs die weg van opregte berou tot versoening met die huisgenote. So het die Gereformeerde vader ook die kerklike tug aangedui as noodsaaklik om die sondaar met die kerk en sy naaste te versoen en die aanstoot uit die gemeente van Christus weg te neem.

Hier ontmoet ons duidelik 'n tweeledige trek in die tughandeling van die kerk, naamlik 'n persoonlike en 'n gemeenskaplike.

Ten opsigte van die persoon wat in sonde verval het en daarin volhard en dus voorwerp van kerklike tug geword het, is die tughandeling daarop bereken om sodanige weer terug te bring of tot inkeer te laat kom en, langs die weg van waaragtige berou, versoening voor God te ontvang en daardeur weer as gelowige tot volkome tevredenheid en sielorus te kom. Dit hou in dat daar ook versoening tussen hom en sy medegelowiges bewerkstellig kan word. Die sonde wat die harmonie sowel in sy eie lewe as met sy medemens versteur het, word sodoende weggeneem en die ou toestand herstel.

Ten opsigte van die *gemeenskaplike* het die tughandeling ten doel om "die aanstoot uit die gemeente van Christus weg te neem". Die gemeente van Christus is soos 'n liggaam; en as een deel van die liggaam aangetas is, ly die hele liggaam daaronder. So word die gemeente wel deeglik geraak deur die sondelewe van een van die lidmate en moet die hele gemeente daaronder ly en tot verootmoediging voor God kom. Daarom is die kerklike tug ook daarop bereken om daardie wond in die gemeente te heel en sodoende die aanstoot uit die gemeente van Christus weg te neem.

As ons dit in gedagte hou, kan ons die belangrikheid van die openbare tughandeling vir die gemeente in sy verskyning voor God in erediens ten volle verstaan.

Die gemeente het grootliks belang by die geestelike welvaart van die saamstellende lede; en as daar nou disharmonie onder die lede kom weens sonde, dan is dit in belang van die gemeente dat die tughandeling daarop bereken is om die suiwere verhouding weer daar te stel. Daarom mag die gemeente nooit koud en ongevoelig staan teenoor die tughandelinge in sy midde nie.

In Romeine 15:1 lees ons: "En op ons wat sterk is, rus die verpligting om die swakhede te dra van die wat nie sterk is nie, en nie onself te behaag nie". As aan die gemeente bekend gemaak word dat 'n broeder of 'n suster onder tug geplaas is, moet dit 'n prikkel wees vir die gemeente om vir sodanige mede-broeder of -suster te bid en as later die

naam van sodanige getugtigde bekend gemaak word, moet die medegelowiges hom of haar opsoek en in liefde probeer terugbring van die sondeweg.

Maar nou het die eenaardige posisie in die kerklike tug vandag ontstaan dat die twee formuliere vir openbare tugoefening byna nooit meer gebruik word nie. In die meeste gevalle waar die tug nog toegepas word, bedank die persone die kerk en sluit by een of ander kerk aan. En die droewige daarvan is dat sulke lidmate dikwels opgeneem word asof niks met hulle gebeur het nie. Met sodanige toedrag van sake kom dit maar hier en daar voor dat persone wat in die sonde volhard en alle vermaninge en teregwysinge in die wind slaan en die afhouding van die sakramente gering skat, langs die weg van tugtiging tot die stadium van afsnyding geraak. En in nog minder gevalle gebeur dit dat na waaragtige beroubetoning weer tot openbare weeropneming geraak word. Dit is 'n uiters verwronge toestand, en die dag as die gelowiges weer besef dat kerklike tug beteken heilige bemoeienis in die liefde en nie strafaksie wat op vergelding bereken is nie, sal ook die plegtige kerklike handeling van die kerklike tug as 'n welkome instelling van die Koning van die kerk erken word en God sal ook daarvoor gedank word.

3. Bevestiging in die ampte

a. Die ampte in die kerk van Christus

Die bevestiging in die ampte het in ons kerklike lewe so 'n alledaagse iets geword dat dit vir menigeen moontlik nie meer 'n heilige handeling is nie, behalwe in sover dit die bevestiging van 'n predikant betref. En tog mag in ons kerklike lewe hierdie hoogheilige handeling om broeders in die ampte te bevestig, nooit van sy besondere karakter beroof word nie. Die groot rede hiervoor moet ons soek in die feit dat die ampte nie van menslike oorsprong is nie maar van die Koning van die kerk afkomstig is. Die Here Jesus het wel voor sy hemelvaart sy dissipels uitgestuur, met die byvoeging van die belofte: "En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld, Amen" (Mattheus 28:20), maar daardeur kennelik nie bedoel dat Hy persoonlik, in sy menslike gestalte, by hulle sou bly nie. Daarom verklaar die Kategismus die waarheid dan ook so treffend soos volg: "Christus is waaragtig mens en waaragtig God. Na sy menslike natuur is Hy nie meer op aarde nie; maar na sy Godheid, majesteit, genade en Gees wyk Hy nooit meer van ons nie".

Persoonlik kan Hy dus nie meer op aarde aangetref word nie, en tog bly Hy die Hoof van sy kerk, Hy wat gesê het: "Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde" (Mattheus 28:18).

Die groot taak om sy kerk op aarde te regeer en te lei laat Hy dus vervul deur mense, wat vir daardie doel spesiaal geroep word. Hierdie instelling wat Hy vir sy kerk verorden het, noem ons die ampte.

Voor die vertrek van die Here Jesus het Hy die apostelamp ingestel, soos ons onder andere lees in Johannes 20:21: "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook", en in Handeling 1:8: "... maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal My getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde".

Deur hierdie manne, in die amp gestel deur hulle Here en Meester self, sou die groot werk wat Hy begin het, na sy hemelvaart voortgesit word. En voordat hulle van die toneel verdwyn het, is daar weer deur hulle onder leiding van die Heilige Gees die ampte van diaken en ouderling in die kerk ingestel, soos blyk uit Handeling 6:1-6 en 14:23. En blykens 1 Timotheus 5:17, waar ons lees: "Laat die ouderlinge wat goed regeer, dubbele eer waardig geag word, veral die wat arbei in Woord en leer", het daar spoedig regeerouderlinge en leerouderlinge tot stand gekom. Ons kry gevolglik in die Nuwe Testament in die plek van die apostelamp drie ampte, naamlik die predikante-, ouderlinge- en diakenamp. So is die ampte dus die verordende weg waarlangs Christus, die Koning van die kerk, sy werk op aarde laat verrig het. Daarom is die openbare indiensstelling van die ampsdraers vir die kerk van so groot belang.

b. Die aanwysing van die Ampsdraers

Hierdie ampte kan nie maar volgens willekeur beklee word nie, daarom is daar 'n ordelike weg om die persone aan te dui wat die ampte moet waarneem. Reeds by die

aanwysing van die eerste diakens lees ons in Handeling 6:1-6 vry breedvoerig hoe die apostels te werk gegaan het om hulle aangewys te kry. Die Gereformeerde vaders het dan ook van die begin af van die gedagte uitgegaan dat dit God self is wat roep tot die amp, en dat die kerkraad en gemeente die middels is wat vir hierdie roepwerk gebruik moet word. En om aan te dui van hoe groot belang hierdie roepingsgedagte is, vestig ons die aandag op die eerste vraag wat sowel in die formulier vir die bevestiging van predikante as in die vir ouderlinge en diakens voorkom, naamlik: " of u gevoel in u hart dat u wettig deur die gemeente van God, en daarom deur God self, tot hierdie heilige diens geroep is?"

Die wyse waarop hierdie uitwendige roeping dan gereël is, vind ons in die Kerkorde breedvoerig vasgestel, naamlik dat aan die gemeente of die wettige kieskollege die geleentheid gegee word om, nadat vooraf in die gebed tot God geroep is, die regte persoon of persone te laat aanwys deur met geslote briefies te stem oor die name wat deur die offisiële instansie voorgelê word. Na sodanige stemming word dan nog weer die name van die verkose persone aan die gemeente drie agtereenvolgende kere afgelees met die oog op enige besware wat ingebring mag word teen die persone of teen die wyse waarop dit gedoen is.

c. Openbare bevestiging in die ampte

Persone wat dan langs die ordelike weg aangewys is om die ampte te beklee en teen wie se verkiesing geen wettige besware ingebring is nie, kan nou, as hulle die roeping aanvaar het, in die openbaar in hulle ampte bevestig word. En dit is dan veral hierdie heilige handeling wat moet plaasvind tydens 'n samekoms van die gemeente vir aanbidding waarop ons hier nader wil ingaan. Wat voorafgegaan het, was dus noodsaaklik om hierdie heilige daad in die midde van die gemeente ordelik en met stigting te laat plaasvind.

In die Kerkorde vind ons die bepaling hoe die bevestiging moet geskied, nie in 'n breë omskrywing nie maar slegs met die woorde: "volgens die vasgestelde formulier". Hierdie aanduiding vind ons by sowel die bevestiging van predikante as by die van ouderlinge en diakens.

Om die presiese draagwydte van die bepaling te begryp is dit nodig dat aandag geskenk word aan die gedagte van die "formulier vir bevestiging in die amp".

Tevore is reeds gewys op die ordelike weg wat bewandel moet word by die aanwysing van die ampsdraers, en hier moet ons vasstel dat in die formuliergedagte dieselfde "ordelikheid" gesoek moet word. Die bevestiging in die amp is 'n heilige handeling tydens 'n erediensgeleentheid, en alles geskied dus in teenwoordigheid van God. As die kerk nou sou toegelaat het dat hierdie handeling kon geskied volgens die willekeur van elke afsonderlike voorganger by die erediens, sou daar heelwat van die plegtigheid ingeboet kon word. Om dit te voorkom en om die gemeente in staat te stel om verseker te woes dat hier geen willekeur kan plaasvind nie, het die kerk. in meerdere vergadering byeen, sekere formuliere vir die doel vasgestel. Daarom is die formuliere waarborge wat van geslag op geslag voortbestaan om die heilige saak te beveilig.

In die formuliere vind ons dan 'n kort en saaklike uiteensetting van die oorsprong en inhoud van die afsonderlike ampte. Verder is daarin ook die vrae vervat wat aan die persone tydens die bevestiging gestel moet word en waarop hardop „ja" geantwoord moet word. Verder is daarin ook vervat die vermaning aan die gemeente en die formuliergebede wat by die geleentheid pas.

Hoewel die vaders van die begin af uitgegaan het van die gedagte dat die ampte gelykwaardig moet wees en om alle hiërargiese neigings te voorkom, is selfs 'n artikel in die Kerkorde opgeneem, naamlik art. S4, wat soos volg lui: "Geen Kerk moet oor ander Kerke, geen Dienaar oor ander Dienaars, geen Ouderling of Diaken oor ander Ouderlinge of Diakens enige heerskappy voer nie".

Nieteenstaande hierdie gelykstelling van die ampte kon die kerk tog nie volstaan met één formulier vir al drie ampte nie, sodat ons vandag twee aparte formuliere het: één waarvan bedoel is vir die bevestiging van predikante en die ander een vir ouderlinge en diakens. Die bevestiging van predikante het in die loop van die tyd altyd meer

belangstelling gaande gemaak as die van ouderlinge en diakens. Die rede hiervoor moet nie daarin gesoek word dat die predikant 'n trappie hoër staan as die ander ampsdraers nie maar daarin dat die predikant, kragtens sy hoë opdrag om in die *diens* van die Woord te staan, as vanself in 'n buitengewone posisie te staan gekom het. Hy is kragtens sy amp bedienaar van die Goddelike Woord (dit lê ook in sy titel V.D.M.) en as gevolg hiervan staan hy ampshalwe nouer in verbinding met die hele kerkverband as die ander ampsdraers, wat uitsluitlik amptelik optree in hul respektiewe gemeentes in sover dit die eredienste betref

Die predikant word ook lewenslank afgesonder vir die ampstaak, terwyl die ouderlinge en diakens nie lewenslank in die ampte staan nie. As ons hierdie onderlinge verskille in gedagte hou wanneer die heilige handeling van bevestiging in die ampte plaasvind, is die gevaar gering dat ons sal verval in die geringskatting van sekere ampte.

HOOFSTUK 13: PLEGTIGE KERKLIKE HANDELINGE (iii)

Die Christelike liefdegawes

As die Heidelbergse Kategismus die vierde gebod verklaar en 'n opsomming gee van die handeling van die gemeente op die eerste dag van die week, verskyn onder daardie handeling ook die volgende: "en aan die armes Christelike liefdegawes te bring". Dit is nie maar 'n handeling wat in die loop van die tyd deur die mens gerieflikheidshalwe ingevoer is omdat die lidmate nou tog bymekaar is nie, maar dit dateer in die Nieu-Testamentiese kerk van die vroegste begin af. So lees ons dat reeds die apostel Paulus, toe daar groot armoede onder die gelowiges in Jerusalem geheers het, die volgende aan die gelowiges in Korinthe geskrywe het: "Wat die insameling vir die heiliges betref, moet julle ook so doen soos ek vir die gemeentes van Galasië, gereël het. Op elke eerste dag van die week moet elkeen van julle self opsy sit en opspaar namate sy voorspoed is, sodat die insameling nie eers plaasvind as ek kom nie". (I Kor. 16:1 en 2).

Hier ontmoet ons dus die saak wat nog altyd voortlewe in die Christelike kerk, naamlik dat aan die gelowiges wat arm is, gedink word om dat hulle deel is van die liggaam van Christus. En dieselfde apostel sê hiervan: "En as een lid ly, ly al die lede saam" (1 Kor. 12:26).

Onder die plegtige handeling wat tydens die erediens plaasvind, het ons dus vandag ook nog die insameling van die Christelike liefdegawes. Om hierdie handeling tot sy volle reg te laat kom en te vrywaar van ontaarding in 'n soort indirekte bedelary vir armes, moet ons die sinryke gedagte daarvan goed vashou.

Ons vaders het van die gedagte uitgegaan dat die behoeftige lidmate van die gemeente Gods armes is, en as sodanig moes hulle die aandag van die amp van barmhartigheid geniet. Die woorde van onse Here Jesus Christus, naamlik dat ons die armes altyd by ons sal hê (Mark. 14:7), laat reeds die volle lig op hulle val. Daarom het die amp van barmhartigheid die heerlike taak om hierdie minder gegoedes in die gemeente in die Naam van Christus hulle Here en Meester by te staan en aan hulle barmhartigheid te bewys. Dit gee aan die insameling van die gawes vir hierdie doel die heerlike gedagte dat die gawes wat saamgebring word, nie aan die armes behoort nie maar aan God en dat die armes dit dan weer uit Gods hand ontvang deur middel van die bedienaars van die barmhartigheid. Hierdie gedagte ontnem aan ons armversorging die koudheid waarmee dergelike handeling as gevolg van die sonde so maklik gepaard kan gaan. Maar dit verleen verder aan die insameling die heerlike karakter dat dit gawes is wat as offers van dankbaarheid aan God gebring word. Die dankbaarheid word dan nie in geld gemeet nie maar neem die sigbare vorm van 'n geldelike offer aan.

So besien is dit duidelik dat ons hier met 'n belangrike kerklike handeling te doen het wat met volkome reg 'n deel moet uitmaak van die erediensgeleentheid, soos deur die Algemene Sinode van ons Kerk in 1927 besluit is. Ons lees in die Handeling van die Sinode: "Die kollekte vir die armes behoort tot die erediens en dit word aan die vryheid van die kerkrade gelaat om te bepaal wanneer hierdie of ander kollektes gehou sal word". En hierdie besluit is so te sê woordeliks herhaal deur die Sinode van 1955 (Acta, bl. 396).

Dit bring ons vanself by die vraag: Watter plek moet aan hierdie plegtige handeling in die erediens toegewys word?

Oor die antwoord op hierdie vraag het die penne al dikwels in die loop van die eeue in beweging gekom.

Daar was diegene wat hardnekkig geweier het om dit 'n deel van die erediens te maak en gevolglik gepleit het daarvoor dat dit na die erediens by die deure ingesamel moes word as die lidmate huis toe gaan. As dit so besien word, is die mooi gedagte van 'n offer aan God ten behoeve van die armes byna heeltemal weg. Ander het die pleit gevoer om te verkry dat dit tydens die erediens ingesamel moes word maar nie as 'n alleenstaande plegtige handeling nie. Daarom moes dit ingesamel word terwyl die gemeente besig was om te sing. Hierdie reëling word gedruk deur die beswaar dat die kerksang sodoende gesteur word en die insameling nie ten volle tot sy reg kom nie.

Nog 'n derde rigting het gepoog om die insameling van die liefdegawes as 'n selfstandige deel van die erediens te kry met die aankondiging as diens van barmhartigheid. Dit sou dan die voordeel hê dat die offergedagte ten volle tot sy reg kan kom en dat die gemeente rustig die geleentheid daarvoor te baat kan neem. Dit het verder ook nog die voordeel dat as elke gelowige só die geleentheid kry om ten volle aandag te skenk aan die afsondering van die liefdegawes vir die diens van barmhartigheid, hy of sy ook doelbewus daaraan kan meedoen as priester kragtens die drievoudige amp waarin elke gelowige staan. As priester is dit sy taak om toe te sien dat die offers nie agterweë bly nie; en hierdie offers moet waaragtige dankbaarheid tot God openbaar dat hy ons uit die ewige dood gered het en in Christus deel gee aan die ewige lewe en geluksaligheid.

In ons kerklike lewe vind die insameling van die gawes in die oorgrote meerderheid van ons gemeentes by die deure plaas. Hieruit mag egter nie afgelei word dat die kollekte niks met die erediens te make het nie. Dit sal wel grotendeels uit praktiese oorweginge gereël gewees het en veral omdat dit 'n ou gebruik is. In die latere jare het daar egter 'n kentering gekom deurdat in verskeie gemeentes die insameling onder die erediens gehou word. Die Sinodebesluit wat hierbo aangehaal is, het die beginsel vasgestel dat die kollekte 'n deel van die erediens moet wees maar die plek daarvoor oorgelaat aan die afsonderlike kerkrade. Ons mag dus hieruit aflei dat in gemeentes waar die insameling nog by die deure geskied, die deurslag nie gegee is deur die gedagtes as sou die kollekte niks met die erediens te doen hê nie maar wel deur besware van praktiese aard.

Op hierdie besware gaan ons nie in nie, aangesien dit ons hier net te doen is om die ware karakter van die plegtige kerklike handeling aan te dui.

HOOFSTUK 14: DIE SLOTSEËN

Die verrigtinge by die erediens moet 'n afgeslote geheel wees. Daarom moet die slot aansluit hy die aanvang van die verrigting.

By die behandeling van die seëngroet aan die begin van die erediens is reeds daarop gewys dat die tweërlei seën geleentheid nie met mekaar verwar mag word nie. Die onderskeid is toe soos volg aangedui: "Aan die begin word die seën deur die liturg uitgespreek as 'n verklaring van God dat Hy in die midde van die gemeente verkeer om dit met sy genade en vrede te seën. Aan die einde word die seën op die gemeente gelê net voor die gelowiges elkeen na sy eie woning vertrek, en die doel van daardie seën is die toesegging van God se genade en trou wanneer die gelowiges terugkeer na die lewe met sy stryd en worsteling".

Met hierdie kort saamvatting kan ons egter nie volstaan nie, daarom word hier nou weer aandag geskenk aan die seën aan die einde van die verrigtinge.

Die heel besondere karakter van die byeenkoms word weerspieël deur die woorde van die votum waarmee die vergadering officieel saamgestel was. Die liturg gebruik daarvoor meesal die woorde: "Ons hulp is in die Naam van die Here wat hemel en aarde geskape het". In daardie formule lê veel meer as net 'n paar woorde. Daarin word die diepe afhanklikheid van die mens teenoor die almagtige God rondborstig verklaar. En dit is met daardie gees en gesindheid dat die gelowiges in erediens vergader om God te aanbid. En noudat al die verrigtinge afgeloop het en God deur sy Woord weer kragtig tot sy volk gespreek het en al die verrigtinge meegewerk het om daardie sprake van God te versterk, nou het die oomblik aangebreek dat elkeen terug moet keer na sy woning, na sy dagtaak, na sy besondere stryd wat hy of sy met Gods genade moet stry. Maar die terugkeer mag nie wees met 'n gevoel van vereensaming asof die bande wat by die erediens gesnoer het, nou eensklaps weggeval het en elkeen alleen staan nie.

Daarom word by die slot van die erediens in opdrag van God 'n woord gespreek wat daardie gevoel van vereensaming moet terugdruk.

Dit is dus nodig om een en ander hier baie duidelik te stel ten einde hierdie gedagte goed tuis te bring.

In Numeri 6:22 en 23 lees ons "En die Here het met Moses gespreek en gesê: Spreek met Aäron en sy seuns en sê: So moet julle die kinders van Israel seën deur vir hulle te sê".

Ons vind hier dus 'n opdrag wat God aan die hoëpriester en priesters van die Ou-Testamentiese volk gegee het. Dit is dus nie 'n menslike instelling onder die Ou-Testamentiese bedeling nie.

En dit is verder opmerklik dat die laaste daad wat ons van onse Nieu-Testamentiese Hoëpriester, Jesus Christus, het, so 'n seëning was. In Lukas 24:50 en 51 lees ons: "En Hy het hulle uitgelei tot by Betanië. En Hy het sy hande opgehef en hulle geseën. En terwyl Hy hulle seën, het Hy van hulle geskei en is in die hemel opgeneem".

Onse Here Jesus Christus het dus hierdie Goddelike opdrag uitgevoer, naamlik om sy volk te seën toe Hy van hulle geskei het. En daardeur het Hy ongetwyfeld die ou gebruik in die nuwe bedeling bevestig. Ons let verder daarop dat God die presiese formule aan die priesters van ouds voorgeskrywe het. "Die Here sal jou seën en jou behoed; die Here sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees; die Here sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee" (Num. 6:24-26).

Dit is inderdaad indrukwekkende woorde wat in hierdie formule voorkom, en die gedagte dat God sy volk te alle tye sal beskut en behoed, kom daarin baie sterk op die voorgrond. Maar die ware betekenis van hierdie woorde vind ons nog uit die mond van God, want in vers 27 lees ons: "So moet hulle dan my Naam op die kinders van Israel lê; en Ek sal hulle seën".

Met hierdie aanduiding dui God self die diepe en onpeilbare betekenis van die seën vir ons aan. Dit was dus nie woorde wat op die volk gelê word nie maar die Naam van God. En die Naam van God is die openbaring van die Wese van God. Daardie seëngroet wat

uitgespreek moes word, was dus die goddelike waarborg van onfeilbare beskerming en beskutting. En dit tref nog meer as ons die woorde van die Spreukedigter in gedagte hou: "Die Naam van God is 'n sterk toring; die regverdige hardloop daarin en word beskut". (Spreuke 18:10).

So besien verkry hierdie seën wat God op sy volk laat lê, 'n kragtige betekenis.

Veral as ons nog let op die woorde: "*en Ek sal hulle seën*". Dit gee aan die seëndaad sy hoogste betekenis, want daarmee lê God dit duidelik neer dat dit wel mense is wat die woorde moet uitspreek, maar dat dit Hy self is wat sal seën.

Nou het ons weliswaar nie as Nieu-Testamentiese gelowiges 'n presiese formule wat onse Here Jesus vir ons nagelaat het nie, maar ons het tog die woorde wat die apostels en met name Paulus gebesig het om die seën op die gelowiges te lê.

Ons lees in 2 Korinthiërs 13:13 die volgende: "Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sy met julle almal! Amen". Ook hier vind ons dus dieselfde ryke genade-inhoud as wat God van ouds af oor sy volk laat uitspreek het.

In ons kerklike praktyk vind ons ten opsigte van die bewoording van die slotseën ook geen starre en strakke eenvormigheid nie, maar dit is tog opmerklik dat sowel die Sinode van 1927 as die van 1955 dit ook nodig geoordeel het om ten aansien van die gebruik van 'n seënformule die volgende aanduidinge te gee, naamlik dat gebruik gemaak kan word van Numeri 6:24— 26 of 2 Korinthiërs 13:13.

Die heerlike gedagte van die slotseën is dus dat voordat die gelowiges uitmekaar gaan op hulle die seën gelê word in die Naam van die drie-enige God en dat elkeen na sy besondere taak terugkeer met die wete dat die Naam van God 'n sterk toring is; die regverdige hardloop daarin en word beskut. Hulle is dus nie soos vereensaamde weeskinders nie, maar gekoester en gedra deur die almagtige Vader in onse Here Jesus Christus gaan hulle voort. En die waarborg hiervoor vind hulle in die woordjie *Amen*: "dit sal waar en seker wees ...".

HOOFSTUK 15: HUISWAARTS!

Die verrigtinge van die erediens het afgeloop, want die slotseën is ook reeds uitgespreek. Die geleentheid van aanbidding is dus vir hierdie keer verby, en daar bly dus vir die afsonderlike gelowiges niks anders oor as om huiswaarts te keer nie. As Godsverering vir ons niks anders as 'n blote gewoontehandeling is nie, dan sou daar nie veel verskil wees tussen hierdie uiteengaan en die van 'n politieke vergadering nie. Maar as dit 'n ware drang was om saam te kom om as gelowiges die Naam van die Here in die openbaar aan te roep, dan sal ons huiswaarts keer in 'n stemming wat pas by die heilige verrigtinge wat so pas afgeloop het.

Dit is so 'n opmerklike woord wat ons in Numeri 6:27 lees en waarmee die opdrag tot die priesterlike seën afgesluit word: Ons lees daar: "So moet hulle dan my Naam op die kinders van Israel lê; en Ek sal hulle seën".

Hier word dus duidelik onderskei tussen wat die priesters moes doen en wat God sou doen. As die priesters die Naam van die Here volgens daardie voorgeskrewe formule op die volk gelê het, sou God self sy seën op die volk gebied. Dit het weer ingehou dat as die woorde van die priesters met die klank weggesterwe het, daar tog nog iets sou gebly het, naamlik die seën van die Here. Daardie iets sou die volk dan kon meeneem na hulle tente en sodoende na die gewone alledaagse lewe. God sou dus 'n werklikheid in hulle lewe wees, net soos sy Naam 'n werklikheid was wat op hulle gelê is. Hierdie woorde dui ook vir ons die gees en stemming aan waarin ons huiswaarts moet keer. Ook in ons ore sal die klanke van die seëngroet wegsterwe, en as dit vir ons maar net klanke was, sou alles verby wees en sou ons gewoonweg uitmekaar gaan asof daar niks gebeur het nie. Maar as die seëngroet waarlik vir ons 'n werklikheid was, dan sal na die klanke weggesterwe het, tog die heerlike werklikheid bly dat God self sy seën op ons sal lê as iets wat ons saam kan neem na ons wonings en sodoende na die alledaagse lewe.

As ons hierdie werklikheid besef, is ons heengaan nie iets onverskilligs nie maar 'n heengaan met die salige wete dat ons God waarlik ontmoet het en dat die seën van die Almagtige Vader met ons meegaan. Dit sal ons dan ook vrywaar van alle ydelheid onmiddellik as ons by die kerkdeure uittrap, maar in 'n stemming hou wat waardig is van die heerlike dinge wat nou net afgeloop het.

So sal ons die aanbiddingsgeleentheid afsluit net soos ons dit begin het; want toe was daar stille voorbereiding vir die groot geleentheid, en nou sal daar stille bepeinsing wees oor die heerlike dinge waarvan ons pas getuie was.